



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CAPE TOWN, 1 OCTOBER 1997

KAAPSTAD, 1 OKTOBER 1997

No. 18325

OFFICE OF THE PRESIDENT

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1285.

1 October 1997

No. 1285.

1 Oktober 1997

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 38 of 1997: Intellectual Property Laws Amendment Act, 1997.

No. 38 van 1997: Wysigingswet op Intellektuele Goedere-wette, 1997.

Act No. 38, 1997

INTELLECTUAL PROPERTY LAWS AMENDMENT ACT, 1997

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(Afrikaans text signed by the President.)
(Assented to 19 September 1997.)

ACT

To amend the Merchandise Marks Act, 1941, so as to substitute, to delete or to amend certain definitions; to define certain expressions; to repeal the provisions relating to the unlawful trading in counterfeit goods in so far as these provisions are to be superseded by other envisaged legislation regarding the counterfeiting of goods; to adjust the powers of inspectors to enter and search premises and attach goods; to substitute or delete certain obsolete provisions and references; to delete a provision imposing a burden of proof on an accused; to provide for a presumption with respect to the offence of offering for sale or hire goods to which any false trade description is applied; and to adjust the provisions regarding penalties for offences; to amend the Performers' Protection Act, 1967, so as to delete or to amend certain definitions; to define certain expressions; to protect performances in countries which are members of the World Trade Organization; to lengthen the term of protection for performances to fifty years; to provide for all broadcasters; to adjust the provisions regarding penalties for offences; and to extend the application of the Act to performances which took place before its commencement to correspond with the Agreement on Trade Related Aspects of Intellectual Property Rights (the TRIPS Agreement); to amend the Patents Act, 1978, so as to define certain expressions; to amend or to substitute certain definitions; to clarify the provisions with respect to the payment of renewal fees, the priority dates of matter as opposed to patent claims, the principle of privilege regarding communications by or to patent agents and the assessment of damages; to bring the Act in line with the Trade Marks Act, 1993, the Designs Act, 1993, and the TRIPS Agreement; to provide for the implementation of the Patent Cooperation Treaty in the event of South Africa's accession thereto; to effect a correction in the Afrikaans text; to repeal or amend certain obsolete provisions and references; and to amend the long title; to amend the Copyright Act, 1978, so as to substitute, to amend or to delete certain definitions; to elaborate the requirement that a work must exist in a material form to qualify for copyright; to adjust the term of copyright in a cinematograph film and to extend the scope of copyright in computer programs in view of the TRIPS Agreement; to provide for all broadcasters; to amend the provisions relating to damages and other compensation for the infringement of copyright in order that it corresponds with the Trade Marks Act, 1993, and the Designs Act, 1993; and to substitute a certain word in the Afrikaans text; to amend the Trade Marks Act, 1993, so as to amend the provisions regarding marks that may not be registered as trade marks and those regarding the protection of well-known trade marks to ensure compliance with the TRIPS Agreement and Article 6ter of the Paris Convention; to effect a correction in the English text; to further regulate the relief for the infringement of registered trade marks; to provide that the registrar must keep a list of emblems of convention countries and international organisations; and to replace an incorrect reference; to amend the Designs Act, 1993, so as to define an expression; to delete a definition; to adjust the

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Afrikaanse teks deur die President geteken.)
(Goedgekeur op 19 September 1997.)

WET

Tot wysiging van die Handelswaremerke-wet, 1941, ten einde sekere omskrywings te vervang, te skrap of te wysig; sekere uitdrukkings te omskryf; die bepalings met betrekking tot die onwettige handel in vervalste ware in soverre dit vervang word deur ander beoogde wetgewing betreffende die vervalsing van ware, te herroep; die bevoegdhede van inspekteurs om persele te betree en te deursoek en op ware beslag te lê, aan te pas; sekere uitgediende bepalings en verwysings te vervang of te skrap; 'n bepaling wat 'n bewyslas op 'n beskuldigde plaas, te skrap; voorsiening te maak vir 'n vermoede met betrekking tot die misdryf van die aanbieder vir verkoop of verhuur van ware waarop 'n valse handelsomskrywing aangebring is; en die bepalings betreffende strawwe vir misdrywe aan te pas; tot wysiging van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, ten einde sekere omskrywings te skrap of te wysig; sekere uitdrukkings te omskryf; uitvoerings in lande wat lede van die Wêreldhandelsorganisasie is, te beskerm; die duur van beskerming vir uitvoerings tot 50 jaar te verleng; voorsiening te maak vir alle uitsenders; die bepalings betreffende strawwe vir misdrywe aan te pas; en die toepassing van die Wet na uitvoerings wat voor die inwerkingtreding van die Wet plaasgevind het, uit te brei ten einde ooreen te stem met die "Agreement on Trade Related Aspects of Intellectual Property Rights" (die TRIPS-ooreenkoms); tot wysiging van die Wet op Patente, 1978, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf; sekere omskrywings te wysig of te vervang; die bepalings ten opsigte van die betaling van hernuwingsgelde, die voorkeurdadums van stof in teenstelling met aansprake op patente, die beginsel van privilegie betreffende mededelings aan en deur patentagente en die berekening van skadevergoeding, op te klaar; die Wet in ooreenstemming met die Wet op Handelsmerke, 1993, die Wet op Modelle, 1993, en die TRIPS-ooreenkoms te bring; voorsiening te maak vir die implementering van die "Patent Cooperation Treaty" ingeval van Suid-Afrika se toetrede daartoe; 'n verbetering in die Afrikaanse teks aan te bring; sekere uitgediende bepalings en verwysings te herroep of te vervang; en die lang titel te wysig; tot wysiging van die Wet op Outeursreg, 1978, ten einde sekere omskrywings te vervang, te wysig of te skrap; die vereiste dat 'n werk in stofflike vorm moet wees om vir outeursreg te kwalifiseer, uit te bou; in die lig van die TRIPS-ooreenkoms die duur van outeursreg in rolprente aan te pas en die omvang van outeursreg in rekenaarprogramme uit te brei; voorsiening te maak vir alle uitsenders; die bepalings betreffende skadevergoeding en ander vergoeding weens die skending van outeursreg te wysig sodat dit ooreenstem met die Wet op Handelsmerke, 1993, en die Wet op Modelle, 1993; en 'n sekere woord in die Afrikaanse teks te vervang; tot wysiging van die Wet op Handelsmerke, 1993, ten einde die bepalings betreffende merke wat nie as handelsmerke geregistreer mag word nie en dié betreffende die beskerming van welbekende merke te wysig om nakoming van die TRIPS-ooreenkoms en Artikel 6ter van die Konvensie van Parys te verseker; 'n verbetering in die Engelse teks aan te bring; regshulp weens die inbreukmaking op geregistreerde handelsmerke verder te reguleer; voorsiening daarvoor te maak dat die registrateur 'n lys van embleme van konvensielande en internasionale organisasies hou; en 'n foutiewe verwysing te vervang; tot wysiging van die Wet op Modelle, 1993, ten einde 'n uitdrukking te omskryf; 'n omskrywing te skrap;

requirements for the registration of a design; to amend the provisions regarding the notification of registration and the certificate of registration; to adjust the provisions regarding compulsory licences in respect of certain registered designs and to further regulate the effect of the registration of a design and the amendment of an application for registration, and of a registration of a design, to ensure compliance with the TRIPS Agreement; and to correct or to clarify certain provisions; and to provide for matters connected therewith.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

CONTENTS OF ACT

Sections 1—18:	Amendment of Merchandise Marks Act, 1941	
Sections 19—25:	Amendment of Performers' Protection Act, 1967	5
Sections 26—49:	Amendment of Patents Act, 1978	
Sections 50—58:	Amendment of Copyright Act, 1978	
Sections 59—68:	Amendment of Trade Marks Act, 1993	
Sections 69—79:	Amendment of Designs Act, 1993	10
Section 80:	Short title and commencement	

Amendment of section 1 of Act 17 of 1941, as amended by section 1 of Act 39 of 1952, section 1 of Act 47 of 1954 and section 1 of Act 54 of 1987

1. Section 1 of the Merchandise Marks Act, 1941, is hereby amended—

- (a) by the substitution for the definition of “apply to” for the following definition:
 - “‘apply to’ means emboss, impress, engrave, etch or print upon or weave into or otherwise—
 - (a) work into or onto;
 - (b) annex or affix to; or
 - (c) incorporate in;”;
- (b) by the deletion of the definition of “bottle”;
- (c) by the insertion after the definition of “covering” of the following definitions:
 - “‘device’ means any visual representation or illustration capable of being reproduced upon a surface, whether by printing or otherwise;
 - ‘document’ means recorded information regardless of form or medium;”;
- (d) by the substitution for the definition of “false trade description” of the following definition:
 - “‘false trade description’ means any trade description [**whether or not it consists of or includes a trade mark or part of a trade mark**] which is false in a material respect as regards the goods to which it is applied, and includes every alteration of a trade description, whether by way of addition, effacement or otherwise, if that alteration makes the description false in a material respect;”;
- (e) by the deletion of the definition of “Gazette”;
- (f) by the substitution for the definition of “inspector” of the following definition:

die vereistes vir registrasie van 'n model aan te pas; die bepalings betreffende die kennisgewing van registrasie en die registrasiesertifikaat te wysig; die bepalings betreffende verpligte lisensies ten opsigte van sekere geregistreerde modelle aan te pas en die uitwerking van die registrasie van 'n model en die wysiging van 'n aansoek om registrasie, en van 'n registrasie van 'n model, verder te reguleer om nakoming van die TRIPS-ooreenkoms te verseker; en sekere bepalings reg te stel of op te klaar; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INHOUD VAN WET

- Artikels 1—18: Wysiging van Handelswaremerke-wet, 1941
 5 Artikels 19—25: Wysiging van Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967
 Artikels 26—49: Wysiging van Wet op Patente, 1978
 Artikels 50—58: Wysiging van Wet op Outeursreg, 1978
 Artikels 59—68: Wysiging van Wet op Handelsmerke, 1993
 Artikels 69—79: Wysiging van Wet op Modelle, 1993
 10 Artikel 80: Kort titel en inwerkingtreding

Wysiging van artikel 1 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 39 van 1952, artikel 1 van Wet 47 van 1954 en artikel 1 van Wet 54 van 1987

1. Artikel 1 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “aanbring op” deur die volgende omskrywing te
 15 vervang:
 “ ‘aanbring op’, in reliëf bring, indruk, graveer, ets of druk op, of inweef
 op of op 'n ander wyse—
 (a) in- of opwerk op;
 (b) aanheg of aanplak aan; of
 20 (c) inkorporeer in;”;
 (b) deur die omskrywing van “fles” te skrap;
 (c) deur na die omskrywing van “bedekking” die volgende omskrywings in te
 voeg:
 “ ‘devies’ enige visuele voorstelling of illustrasie wat op 'n oppervlakte
 25 gereproduseer kan word, hetsy deur drukwerk, bosselering of deur enige
 ander middel;
 ‘dokument’, vasgelegde inligting ongeag die vorm of medium;”;
 (d) deur die omskrywing van “vals handelsomskrywing” deur die volgende
 omskrywing te vervang:
 30 “ ‘valse handelsomskrywing’, 'n handelsomskrywing [hetsy al dan nie
 dit uit 'n handelsmerk of 'n deel van 'n handelsmerk bestaan of dit
 insluit] wat in 'n belangrike opsig onjuis is met betrekking tot die ware
 waarop dit aangebring is, en sluit dit elke verandering van 'n handels-
 omskrywing, hetsy deur toevoeging of uitwissing of op 'n ander wyse,
 35 in, indien daardie verandering die omskrywing in 'n belangrike opsig
 onjuis maak;”;
 (e) deur die omskrywing van “Staatskoerant” te skrap;
 (f) deur die omskrywing van “inspekteur” deur die volgende omskrywing te
 vervang:

- “ ‘inspector’ means—
- (a) any member as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995), of or above the rank of sergeant;
 - (b) the Commissioner for Customs and Excise or any officer as defined in section 1(1) of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964);
 - (c) any officer appointed under section 3;”;
- (g) by the substitution for the definition of “Minister” of the following definition:

“ ‘Minister’ means the Minister of [Economic Affairs and Technology, or any other Minister to whom the State President has assigned the administration of this Act, or any other Minister acting on behalf of any such Minister] Trade and Industry;”;
 - (h) by the deletion of the definition of “police officer”;
 - (i) by the insertion before the definition of “sell” of the following definition:

“ ‘premises’ includes land, any building or structure, or any vehicle, ship, boat or aircraft or other conveyance;”;
 - (j) by the deletion of the definition of “Territory”;
 - (k) by the substitution for the definition of “trade mark” of the following definition:

“ ‘trade mark’ means a registered trade mark [registered in the register of trade marks kept under] as defined in section 2(1) of the [Patents, Designs, Trade Marks and Copyright Act, 1916 (Act No. 9 of 1916), or the Patents, Designs, Trade Marks and Copyright Proclamation, 1923 (Proclamation No. 17 of 1923 of the Territory) or an amendment thereof] Trade Marks Act, 1993 (Act No. 194 of 1993).”;

and
 - (l) by the deletion of the definition of “Union”.

Substitution of section 2 of Act 17 of 1941

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“What acts amount to applying trade description

2.(1) A person shall be deemed to apply a [trade mark or] trade description to goods who—

- (a) applies it to the goods themselves; or
- (b) applies it to any covering, label or reel in or with which the goods are sold; or
- (c) places, encloses or annexes the goods in, with or to any covering, label, reel or other thing to which that [trade mark or] trade description has been applied; or
- (d) uses in connection with the goods a [trade mark or] trade description in such manner as to be likely to lead to the belief that the goods are designated or described by that [mark or] description.

(2) Goods delivered in pursuance of an offer or request in which reference is made to a trade description contained in any sign, advertisement, invoice, wine list, business letter, business paper or other commercial communication, shall, for the purposes of paragraph (d) of subsection (1), be deemed to be goods in connection with which that trade description is used.

[(3) A person shall be deemed to forge a trade mark who—

- (a) without the assent of the registered proprietor of that trade mark makes that trade mark or a mark so nearly resembling it as to be likely to deceive; or
- (b) alters, adds to or effaces any genuine trade mark.

(4) A person shall be deemed falsely to apply to goods a trade mark

- “inspekteur”—
- (a) enige lid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet No. 68 van 1995), van of bo die rang van sersant;
- (b) die Kommissaris van Doeane en Aksyns of enige beampte soos omskryf in artikel 1(1) van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964);
- (c) enige beampte kragtens artikel 3 aangestel;”;
- (g) deur die omskrywing van “Minister” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “ ‘Minister’, die Minister van [Ekonomiese Sake en Tegnologie, of ’n ander Minister aan wie die Staatspresident die uitvoering van hierdie Wet opgedra het, of ’n ander Minister wat namens sodanige Minister optree] Handel en Nywerheid;”;
- (h) deur die omskrywing van “polisiebeampte” te skrap;
- (i) deur voor die omskrywing van “verkoop” die volgende omskrywing in te voeg:
- “ ‘perseel’ ook grond, ’n gebou of bouwerk, of ’n voertuig, skip, boot, lugvaartuig of ander vervoermiddel;”;
- (j) deur die omskrywing van “Gebied” te skrap;
- (k) deur die omskrywing van “handelsmerk” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “ ‘handelsmerk’, ’n geregistreerde handelsmerk [wat geregistreer is in die register van handelsmerke gehou ingevolge] soos omskryf in artikel 2(1) van die [“Wet op Patente, Modellen, Handelsmerke en Auteursrecht, 1916”, (Wet 9 van 1916) of die “Proklamasie op Patente, Modellen, Handelsmerke en Auteursrechten, 1923” (Proklamasie 17 van 1923 van die Gebied) of ’n wysiging daarvan] Wet op Handelsmerke, 1993 (Wet No. 194 van 1993).”; en
- (l) deur die omskrywing van “Unie” te skrap.

Vervanging van artikel 2 van Wet 17 van 1941

2. Artikel 2 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

- “Watter handeling tot aanbring van handelsomschrywing gereken word**
2. (1) Iemand word geag ’n [handelsmerk of] handelsomschrywing op ware aan te bring indien hy of sy—
- (a) dit op die ware self aanbring; of
- (b) dit op enige bedekking, etiket of toltetjie waarin of waarmee die ware verkoop word, aanbring; of
- (c) die ware plaas in, insluit by of aanheg aan enige bedekking, etiket, toltetjie of iets anders waarop daardie [handelsmerk of] handelsomschrywing aangebring is; of
- (d) ’n [handelsmerk of] handelsomschrywing op so ’n wyse in verband met die ware gebruik dat dit waarskynlik die indruk sal wek dat daardie [merk of] omschrywing daardie ware aandui of beskryf.
- (2) Ware wat ingevolge ’n aanbod of aansoek gelewer word waarin na ’n handelsomschrywing wat voorkom op ’n uithangbord of in ’n advertensie, faktuur, wynkaart, besigheidsbrief, besigheidsdokument of ander besigheidsmededeling verwys word, word by toepassing van paragraaf (d) van subartikel (1) geag ware te wees in verband waarmee daardie handelsomschrywing gebruik word.
- [3] Iemand word geag ’n handelsmerk te vervals indien hy—
- (a) daardie handelsmerk, of ’n merk wat soveel daarop gelyk dat dit waarskynlik misleidend sou wees, vervaardig sonder toestemming van die geregistreerde eienaar van daardie handelsmerk; of
- (b) ’n egte handelsmerk verander of iets daaraan toevoeg of dit uitwis.
- (4) Iemand wat ’n handelsmerk of ’n merk wat soveel daarop gelyk

who, without the assent of the registered proprietor of that trade mark, applies to goods that trade mark or a mark so nearly resembling it as to be likely to deceive.]

(5) Any person who sells goods which having been used have been reconditioned, rebuilt or remade, whether in the [Union] Republic or elsewhere, and which bear the trade mark of the original maker or seller of the goods, shall, unless there is applied to them in a conspicuous manner words stating clearly that the goods have been reconditioned, rebuilt or remade, as the case may be, be deemed to [have falsely applied the said trade mark] apply a false trade description to the goods.

(6) Any person who applies to goods any [such] word, name, letter, figure or mark, or arrangement or combination thereof, [whether consisting of or including] other than a trade mark [or part of a trade mark or not], as is likely to lead to the belief that the goods are the manufacture or merchandise of some person other than the person whose manufacture or merchandise they really are, shall be deemed to apply a false description to the goods."

Substitution of section 3 of Act 17 of 1941

3. The following section is hereby substituted for section 3 of the Merchandise Marks Act, 1941:

"Appointment of officers

3. Subject to the laws governing the public service, the Minister may appoint such [inspectors] officers as he or she may deem necessary for carrying out the provisions of this Act."

Substitution of section 4 of Act 17 of 1941, as amended by section 2 of Act 47 of 1954

4. The following section is hereby substituted for section 4 of the Merchandise Marks Act, 1941:

"Powers of inspectors to enter and search premises and seize certain articles

4. (1) If an inspector suspects that an offence in terms of this Act has been committed, is being or is likely to be committed or that preparations or arrangements for the commission of an offence in terms of this Act are being or are likely to be made on or in any premises (in this section referred to as the "alleged offence"), he or she may, on the authority of a warrant issued under subsection (3)—

- (a) enter the premises and search the premises or the person referred to in the warrant or the owner or person in control of the premises, and there make, subject to subsection (2), the enquiries he or she considers necessary;
- (b) examine any document or thing found on or in the premises, and make copies of or make extracts from that document;
- (c) subject to subsection (2), request the owner or person in control of the premises or any person in whose possession or control that document or thing is, or who may reasonably be expected to have the necessary information, to furnish information regarding that document or thing;
- (d) seize for further examination or safe custody any document or thing on or in the premises which has a bearing on the alleged offence;
- (e) seal or otherwise safeguard any premises on or in which any document or thing which has a bearing on an alleged offence is found;
- (f) take the steps that he or she considers necessary to terminate or prevent the commission of an offence in terms of this Act.

dat dit waarskynlik misleidend sou wees, sonder toestemming van die geregistreerde eienaar van daardie handelsmerk op ware aanbring, word geag daardie handelsmerk valslik op ware aan te bring.]

(5) Iemand wat ware verkoop wat, nadat hulle gebruik is, opgeknep, opnuut inmekaar gesit of oorgemaak is, hetsy binne die [Unie] Republiek of elders, en wat die handelsmerk van die oorspronklike vervaardiger of verkoper van die ware dra, word geag [die handelsmerk valslik aan te gebring het] 'n valse handelsoms krywing op die ware aan te bring, tensy woorde wat duidelik verklaar dat die ware opgeknep, opnuut inmekaar gesit of oorgemaak is, na gelang van die geval, op 'n opvallende wyse op die ware aangebring is.

(6) [Elkeen] Iemand wat [so] 'n woord, naam, letter, syfer of merk of 'n rangskikking of kombinasie daarvan, [hetsy al dan nie dit uit] anders as 'n handelsmerk [of 'n deel van 'n handelsmerk bestaan of dit insluit], op ware aanbring as wat waarskynlik die indruk sal skep dat die ware die fabrikaat of handelsware van iemand anders is as die persoon wie se fabrikaat of handelsware hulle werklik is, word geag 'n valse handelsoms krywing op die ware aan te bring.”.

Vervanging van artikel 3 van Wet 17 van 1941

3. Artikel 3 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Aanstelling van beamptes

3. Die Minister kan, met inagneming van die wette wat die staatsdiens reël, die [inspekteurs] beamptes aanstel wat hy of sy nodig ag vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Wet.”.

Vervanging van artikel 4 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 47 van 1954

4. Artikel 4 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Bevoegdhede van inspekteurs om perseel te betree en deursoek en op sekere artikels beslag te lê

4. (1) Indien 'n inspekteur vermoed dat 'n misdryf ingevolge hierdie Wet gepleeg is of gepleeg word of waarskynlik gepleeg sal word of dat voorbereidings of reëlins vir die pleging van die misdryf gepleeg word of waarskynlik getref sal word op of in enige perseel (in hierdie artikel die “beweerde misdryf” genoem), kan hy of sy, op gesag van 'n lasbrief kragtens subartikel (3) uitgereik—

- (a) die perseel betree en die perseel of die persoon bedoel in die lasbrief of die eienaar of persoon in beheer van die perseel deursoek, en daar, behoudens subartikel (2), die navrae doen wat hy of sy nodig ag;
- (b) enige dokument of voorwerp ondersoek wat op of in die perseel gevind word, en afskrifte van of uittreksels uit daardie dokument maak;
- (c) behoudens subartikel (2), die eienaar of persoon in beheer van die perseel of enigiemand in wie se besit of beheer daardie dokument of voorwerp is, of van wie redelikerwys verwag kan word om oor die nodige inligting te beskik, versoek om inligting aangaande daardie dokument of voorwerp te verstrek;
- (d) vir verdere ondersoek of veilige bewaring, beslag lê op enige dokument of voorwerp op of in die perseel wat betrekking het op die beweerde misdryf;
- (e) 'n perseel verseël of andersins beveilig waarop of waarin enige dokument of voorwerp wat betrekking het op die beweerde misdryf gevind word;
- (f) die stappe doen wat hy of sy nodig ag om die pleging van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet te beëindig of te voorkom.

- (2) An inspector requesting information from a person in terms of subsection (1)(a) or (c) or (4)(a) shall, before so requesting information, inform the person in a language that the person understands of—
- (a) the right to remain silent; and
 - (b) the consequences of not remaining silent. 5
- (3) (a) A warrant referred to in subsection (1) shall be issued by a magistrate or a judge of a High Court, if it appears to the magistrate or judge from information on oath or affirmation that there are reasonable grounds for believing that a document or thing that has a bearing on the alleged offence— 10
- (i) is or will be in the possession or under the control of any person or on or in any premises within the area of jurisdiction of that magistrate or judge; and
 - (ii) cannot reasonably be obtained otherwise. 15
- (b) The warrant shall specify which of the acts contemplated in subsection (1)(a) to (f) may be performed thereunder by the inspector to whom it is issued.
- (c) The warrant may be issued on any day and shall be of force until—
- (i) it is executed;
 - (ii) it is cancelled by the person who issued it or, if such person is not available, by any person with similar authority; 20
 - (iii) the expiry of three months from the day of its issue; or
 - (iv) the purpose for which the warrant was issued no longer exists, whichever may occur first.
- (d) An inspector shall, immediately before commencing the execution of the warrant— 25
- (i) identify himself or herself to the person referred to in the warrant or the owner or person in control of the premises, if such person is present;
 - (ii) hand to such person a copy of the warrant or, if the person is not present, affix that copy to a prominent place on the premises; 30
 - (iii) supply such person at his or her request with particulars regarding his or her authority to execute the warrant.
- (4) (a) Subject to paragraph (b) of this subsection and subsections (2) and (5) to (10), any inspector may, without a warrant— 35
- (i) enter any premises, if the person who is competent to do so consents to that entry, and perform such of the acts contemplated in subsection (1)(a) to (f) which the person who is competent to do so consents to; or
 - (ii) enter any premises other than a private dwelling and perform any of the acts contemplated in subsection (1)(a) to (f), except the search of any person, if there are reasonable grounds for believing that— 40
- (aa) a warrant would be issued to the inspector under subsection (3) if the inspector were to apply for that warrant; and
 - (bb) the delay in obtaining that warrant would defeat the purpose of the entry. 45
- (b) An inspector shall, immediately before entering premises in accordance with paragraph (a), identify himself or herself.
- (c) Any acts performed by an inspector by virtue of paragraph (a)(ii) will cease to have any legal effect unless a magistrate or a judge of a High Court having jurisdiction in the area where the acts were performed, confirms those acts on the application of an inspector brought within 10 days of the day on which those acts had been performed. 50
- (5) An entry, search and seizure under this section shall be—
- (a) conducted with strict regard to decency and order, including the protection of a person's right to dignity, to freedom and security and to privacy; and 55
 - (b) executed by day unless the execution thereof by night is justifiable and necessary. 60

- (2) 'n Inspekteur wat inligting van 'n persoon ingevolge subartikel (1)(a) of (c) of (4)(a) versoek, moet, voor hy of sy inligting aldus versoek, die persoon in 'n taal wat die persoon verstaan, inlig van—
- (a) die reg om te swyg; en
- 5 (b) die gevolge indien daar nie geswyg word nie.
- (3) (a) 'n Lasbrief bedoel in subartikel (1) word deur 'n landdros of 'n regter van 'n Hoë Hof uitgereik indien dit aan die landdros of regter blyk uit inligting onder eed of bevestiging dat daar redelike gronde is om te glo dat 'n dokument of voorwerp wat betrekking het op die beweerde
- 10 misdryf—
- (i) in besit of onder die beheer van 'n persoon of op of in 'n perseel binne die regsgebied van daardie landdros of regter is of sal wees; en
- (ii) nie redelikerwys op enige ander manier verkry kan word nie.
- (b) Die lasbrief moet aandui welke van die handelinge beoog in
- 15 subartikel (1) daarkragtens verrig mag word deur die inspekteur aan wie dit uitgereik is.
- (c) Die lasbrief kan op enige dag uitgereik word en bly van krag totdat—
- (i) dit uitgevoer is;
- (ii) dit ingetrek word deur die persoon wat dit uitgereik het, of indien
- 20 daardie persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met dergelike gesag;
- (iii) drie maande verstryk het vanaf die dag waarop dit uitgereik is; of
- (iv) die doel waarvoor die lasbrief uitgereik is nie langer bestaan nie, watter ook al die eerste plaasvind.
- 25 (d) 'n Inspekteur moet onmiddellik voor hy of sy met die uitvoering van die lasbrief begin—
- (i) homself of haarself identifiseer aan die persoon bedoel in die lasbrief of die eenaar of persoon in beheer van die perseel, indien sodanige persoon teenwoordig is;
- 30 (ii) 'n afskrif van die lasbrief aan sodanige persoon oorhandig of, indien die persoon nie teenwoordig is nie, daardie afskrif op 'n opvallende plek by die perseel aanbring;
- (iii) aan sodanige persoon, op sy of haar versoek, besonderhede met betrekking tot sy of haar magtiging om die lasbrief uit te voer,
- 35 verskaf.
- (4) (a) Behoudens paragraaf (b) van hierdie subartikel en subartikels (2) en (5) tot (10) kan enige inspekteur sonder 'n lasbrief—
- (i) enige perseel betree, indien die persoon wat bevoeg is om dit te doen, toestem tot daardie betreding, en sodanige van die handelinge beoog
- 40 in subartikel (1)(a) tot (f) verrig waartoe die persoon wat bevoeg is om dit te doen, toestem;
- (ii) enige perseel, buiten 'n private woning, betree, en enige van die handelinge beoog in subartikel (1)(a) tot (f), behalwe die deursoeking van 'n persoon, verrig indien daar redelike gronde is om te glo dat—
- 45 (aa) 'n lasbrief kragtens subartikel (3) aan hom of haar uitgereik sal word indien hy of sy om so 'n lasbrief aansoek doen; en
- (bb) die vertraging om so 'n lasbrief te verkry die doel van die betreding sal verydel.
- (b) 'n Inspekteur moet, onmiddellik voor hy of sy die perseel ooreen-
- 50 komstig paragraaf (a) betree, homself of haarself identifiseer.
- (c) Enige handelinge deur 'n inspekteur uit hoofde van paragraaf (a)(ii) verrig, sal ophou om enige regsgevolge te hê tensy 'n landdros of 'n regter van 'n Hoë Hof wat regsbevoegdheid het in die gebied waar die handelinge verrig is, daardie handelinge bekragtig op aansoek deur 'n inspekteur
- 55 gebring binne 10 hofdae ná die dag waarop die handelinge verrig is.
- (5) 'n Betreding, deursoeking en beslaglegging kragtens hierdie artikel word—
- (a) met streng behoud van welvoeglikheid en orde uitgevoer, met inbegrip van die beskerming van 'n persoon se reg op sy of haar
- 60 waardigheid, op vryheid en sekuriteit en op privaatheid; en
- (b) in die dag uitgevoer tensy die uitvoering daarvan in die nag regverdigbaar en noodsaaklik is.

- (6) The seizure of a document or thing under this section shall be effected by removing it from the premises concerned or, if that removal is not reasonably practicable, by sealing or otherwise safeguarding it on or in the premises.
- (7) An inspector who may under this section enter and search any premises—
- (a) shall, immediately before the entry, audibly demand admission to the premises and make known the purpose of the entry and search, unless there are reasonable grounds for believing that a document or thing in respect of which the search occurs, may be destroyed, disposed of or tampered with if that admission is first demanded and that purpose is made known;
 - (b) may use the force that is reasonably necessary to overcome resistance to the entry or search or the seizure of a document or thing under this section;
 - (c) may utilize or request the assistance of any person to identify any document or thing which has a bearing on the alleged offence or to otherwise conduct the entry or search or the seizure of any document or thing under this section.
- (8) A person from whose possession or control a document has been removed under this section may, at his or her own expense and under the supervision of an inspector, make copies thereof or excerpts therefrom.
- (9) (a) An inspector who removes a document or thing from any premises under this section shall issue a receipt to the person who is the owner or in possession or in control thereof or, if that person is not present, affix it to a prominent place on the premises.
- (b) If an inspector who is not a member of the South African Police Service removes a document or thing under this section, he or she shall forthwith hand it over to any member of that Police Service.
- (10) (a) If, during the conduct of a search under this section, a person claims that a document or thing found on or in the premises contains privileged information and refuses the examination or removal of the document or thing, the inspector conducting the search shall, if he or she is of the opinion that the document or thing contains information which has a bearing on the alleged offence, request the registrar of the High Court which has jurisdiction or his or her delegate, to seize the document or thing for safe custody until a court of law has made a ruling on the question whether the information is privileged or not.
- (b) If that information is held not to be privileged, the document or thing concerned shall be available for inspection and testing or analysis under subsection (12).
- (11) Subject to subsections (12) to (15), any document or thing seized under this section shall be disposed of in accordance with the applicable provisions of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977), as if it has been seized in terms of that Act.
- (12) Subject to subsection (10), a document or thing seized under this section shall—
- (a) be open for inspection by any interested person during normal office hours;
 - (b) on request of any interested person, be made available for testing or analysis, if the person in whose custody the document or thing is kept or any inspector is satisfied, after taking into account the nature of the document or thing and of the testing or analysis, the purpose of the testing or analysis and the suitability of the person by whom the testing or analysis is to be conducted, that the request is reasonable.
- (13) (a) If criminal proceedings are not instituted in connection with a document or thing seized under this section within a reasonable time after the seizure or, if it appears that the document or thing is not required in

(6) Die beslaglegging op 'n dokument of voorwerp kragtens hierdie artikel word gedoen deur dit te verwyder van die betrokke perseel of, indien sodanige verwydering nie redelikerwys moontlik is nie, deur dit op of in die perseel te verseël of andersins te beveilig.

(7) 'n Inspekteur wat kragtens hierdie artikel 'n perseel kan betree en deursoek—

(a) moet, onmiddellik voor die betreding, hoorbaar toegang tot die perseel eis en die doel van die betreding en deursoeking bekend maak tensy daar redelike gronde is om te glo dat 'n dokument of voorwerp ten opsigte waarvan die ondersoek geskied, vernietig kan word of daarmee weggedoen of gepeuter kan word indien daardie toegang eers vereis word en daardie doel eers bekend gemaak word;

(b) kan die geweld gebruik wat redelikerwys nodig is om enige verset teen die betreding of deursoeking of die beslaglegging op 'n dokument of voorwerp kragtens hierdie artikel te bowe te kom;

(c) kan die hulp van enige persoon gebruik of versoek om enige dokument of voorwerp wat betrekking het op die beweerde misdryf te identifiseer of andersins die betreding of deursoeking of die beslaglegging op enige dokument of voorwerp kragtens hierdie artikel uit te voer.

(8) 'n Persoon uit wie se besit of beheer 'n dokument kragtens hierdie artikel verwyder is, kan, op sy of haar eie koste en onder toesig van 'n inspekteur, afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak.

(9) (a) 'n Inspekteur wat 'n dokument of voorwerp van 'n perseel kragtens hierdie artikel verwyder, moet 'n ontvangsbewys uitreik aan die persoon wat die eienaar of in besit of in beheer daarvan is of, indien daardie persoon nie teenwoordig is nie, dit op 'n opvallende plek op die perseel aanbring.

(b) Indien 'n inspekteur wat nie 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens is nie 'n dokument of voorwerp kragtens hierdie artikel verwyder, moet hy of sy dit onverwyld aan enige lid van daardie Polisiediens oorhandig.

(10) (a) Indien 'n persoon tydens 'n deursoeking kragtens hierdie artikel, beweer dat 'n dokument of voorwerp wat op of in die perseel gevind is geprivilegieerde inligting bevat en die ondersoeking of verwydering van die dokument of voorwerp weier, moet die inspekteur wat die deursoeking uitvoer, indien hy of sy van oordeel is dat die dokument of voorwerp inligting bevat wat betrekking het op die beweerde misdryf, die griffier van die Hoë Hof wat regsbevoegdheid het, of sy of haar gedelegeerde, versoek om op die dokument of voorwerp vir veilige bewaring beslag te lê totdat 'n geregshof 'n beslissing gegee het oor die vraag of die inligting geprivilegieerd is al dan nie.

(b) Indien bevind word dat daardie inligting nie geprivilegieerd is nie, is die betrokke dokument of voorwerp beskikbaar vir insae en toetse of ontleding kragtens subartikel (12).

(11) Behoudens subartikels (12) tot (15) word enige dokument of voorwerp waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê is, ooreenkomstig die toepaslike bepalinge van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), asof daarop ingevolge daardie Wet beslag gelê is, oor beskik.

(12) Behoudens subartikel (10) is 'n dokument of voorwerp waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê is—

(a) beskikbaar vir insae deur enige belanghebbende party gedurende normale kantoortye;

(b) op versoek van enige belanghebbende party beskikbaar vir toetse of ontleding indien die persoon in wie se bewaring die dokument of voorwerp gehou word of enige inspekteur oortuig is, met inagneming van die aard van die dokument of voorwerp en van die toetse of ontleding, die doel van die toetse of ontleding en die geskiktheid van die persoon deur wie die toetse of ontleding uitgevoer gaan word, dat die versoek redelik is.

(13) (a) Indien geen strafregtelike verrigtinge in verband met 'n dokument of voorwerp wat kragtens hierdie artikel op beslag gelê is, binne 'n redelike tyd na die beslaglegging ingestel word nie, of indien dit blyk

criminal proceedings for the purposes of evidence or an order of court, it shall—

(i) subject to paragraph (b), be returned to the person from whom it was seized or, if that person may not lawfully possess it, to the person who may lawfully possess it; or

(ii) be released from the safeguarding on or in the relevant premises, as the case may be.

(b) The person in whose custody the document or thing is kept, shall 72 hours before the return notify every complainant (if any) in respect of the alleged offence to which the document or thing relates of the intended return of the document or thing.

(14) In criminal proceedings in connection with a document or thing seized under this section, the court concerned may, without limiting any other powers of the court, order that—

(a) if the document or thing is the subject of an offence in terms of this Act, it be destroyed;

(b) the document or thing be released to a specified person.

(15) When a court holds that imported goods which are destined for exportation and were seized under this section are the subject of an offence in terms of this Act, the court shall not allow the exportation of those goods in an unaltered state, except if it, after due regard to the circumstances regarding the offence, thinks it fit to allow that exportation.”.

Substitution of section 5 of Act 17 of 1941

5. The following section is hereby substituted for section 5 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Obstruction of inspectors

5. Any person who—

(a) hinders or obstructs an inspector in the performance of any of his or her functions in terms of section 4;

(b) refuses or fails without valid reason to—

(i) answer to the best of his or her ability, a question put to him or her by an inspector; or

(ii) furnish information to an inspector, after having been required to do so in terms of section 4; or

(c) wilfully furnishes false or misleading information to an inspector, shall be guilty of an offence.”.

Substitution of section 6 of Act 17 of 1941, as amended by section 1 of Act 26 of 1951

6. The following section is hereby substituted for section 6 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Applying false trade description

6. (1) Any person who applies any false trade description to goods shall be guilty of an offence, if—

(a) at the time of the commission of the alleged offence, the person knew or had reason to suspect that the trade description was not genuine; or

(b) the person did not take all reasonable steps in order to avoid the commission of the alleged offence.

(2) Any person who alters any trade mark, whether by addition of effacement or in any other manner, shall be guilty of an offence, if the person did not take all reasonable steps in order to avoid the commission of the alleged offence.”.

dat die dokument of voorwerp nie in strafregtelike verrigtinge vir doeleindes van getuienis of 'n hofbevel nodig word nie, moet dit—

(i) behoudens paragraaf (b), teruggegee word aan die persoon van wie dit in beslag geneem is of, indien daardie persoon dit nie wettiglik mag besit nie, aan die persoon wat dit wettiglik mag besit; of

(ii) vrygestel word van die beveiliging op of in die perseel, na gelang van die geval.

(b) Die persoon in wie se bewaring die dokument of voorwerp gehou word, moet 72 uur voor die teruggawe elke klaer (indien enige) ten opsigte van die beweerde misdryf waarop die dokument of voorwerp betrekking het, in kennis stel van die beoogde teruggawe van die dokument of voorwerp.

(14) In strafregtelike verrigtinge in verband met 'n dokument of voorwerp waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê is, kan die betrokke hof, sonder om afbreuk te doen aan enige ander bevoegdhede van die hof, gelas dat—

(a) indien die dokument of voorwerp die onderwerp van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is, dit vernietig word;

(b) die dokument of voorwerp aan 'n bepaalde persoon vrygestel word.

(15) Wanneer 'n hof bevind dat ingevoerde ware wat bestem is om uitgevoer te word en waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê is die onderwerp van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet is, moet die hof nie die uitvoer van daardie ware in 'n onveranderde toestand toelaat nie, behalwe indien dit na behoorlike inagneming van die omstandighede betreffende die misdryf, dit dienstig ag om daardie uitvoer toe te laat.”.

Vervanging van artikel 5 van Wet 17 van 1941

5. Artikel 5 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Belemmering van inspekteurs

5. Iemand wat—

(a) 'n inspekteur in die verrigting van enige van sy of haar werksaamhede ingevolge artikel 4 belemmer of dwarsboom;

(b) sonder 'n geldige rede weier of versuim om—

(i) 'n vraag deur 'n inspekteur aan hom of haar gestel na die beste van sy of haar vermoë te beantwoord; of

(ii) inligting aan 'n inspekteur te verstrek, nadat daar ingevolge artikel 4 van hom of haar vereis is om dit te doen; of

(c) opsetlik valse of misleidende inligting aan 'n inspekteur verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.”.

Vervanging van artikel 6 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 26 van 1951

6. Artikel 6 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Aanbring van valse handelsoms krywing

6.(1) Iemand wat 'n valse handelsoms krywing op ware aanbring, is skuldig aan 'n misdryf, indien—

(a) hy of sy, ten tyde van die pleging van die beweerde misdryf, geweet het of rede gehad het om te vermoed dat die handelsoms krywing nie eg was nie; of

(b) hy of sy nie alle redelike stappe geneem het om die pleging van die beweerde misdryf te verhoed nie.

(2) Iemand wat 'n handelsmerk verander, hetsy deur toevoeging of uitwissing of op 'n ander wyse, is skuldig aan 'n misdryf, indien hy of sy nie alle redelike stappe geneem het om die pleging van die beweerde misdryf te verhoed nie.”.

Substitution of section 7 of Act 17 of 1941

7. The following section is hereby substituted for section 7 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Sale and hiring out of goods bearing false trade descriptions

7. Any person who sells or lets or offers for sale or hire any goods to which any false trade description is applied, shall be guilty of an offence, if—
 (a) at the time of the commission of the alleged offence, the person knew or had reason to suspect that the trade description was not genuine; or
 (b) the person did not take all reasonable steps in order to avoid the commission of the alleged offence.”

Amendment of section 8 of Act 17 of 1941

8. The following heading is hereby substituted for the heading of section 8 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Sale of imported goods bearing name or mark of South African manufacturer or trader, unaccompanied by indication of origin”

Substitution of section 9 of Act 17 of 1941

9. The following section is hereby substituted for section 9 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Sale of imported goods bearing marks in official language, unaccompanied by indication of origin

9. Any person who sells or, for the purpose of advertising goods, distributes in the [Union] Republic any goods which were not made or produced in the [Union] Republic, and to which there is applied any trade mark, mark or trade description in [the English or Afrikaans] any official language of the Republic, shall be guilty of an offence, unless there is added to that mark or description, in a conspicuous manner, the name of the country in which the goods were made or produced, with a statement that they were made or produced there.”

Substitution of section 14 of Act 17 of 1941, as substituted by section 2 of Act 54 of 1987

10. The following section is hereby substituted for section 14 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Unauthorized use of certain emblems

14. (1) Any person who uses in connection with his or her trade, business, profession or occupation, or in connection with a trade mark or mark or trade description applied by him or her to goods made, produced or sold by him or her without authority in writing signed by or on behalf of the Minister—
 (a) the coat of arms of the Republic, or of the former Union of South Africa or any former entity before or after Union, the territory of which forms part of the territory of the Republic, or arms so nearly resembling the coat of arms of the Republic as to be likely to deceive;
 (b) the style, title, name, portrait or effigy of the President or Deputy President or a Minister of the Republic;
 (c) the name, portrait or effigy of any former President or other Head of State or representative of such Head of State, Deputy President or Minister, of the Republic or of the former Union of South Africa or any

Vervanging van artikel 7 van Wet 17 van 1941

7. Artikel 7 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Verkoop en verhuur van ware wat valse handelsomskrywings dra

- 5 7. Iemand wat ware waarop 'n valse handelsomskrywing aangebring is, verkoop of verhuur of vir verkoop of verhuur aanbied, is aan 'n misdryf skuldig, indien—
- 10 (a) hy of sy, ten tyde van die pleging van die beweerde misdryf, geweet het of rede gehad het om te vermoed dat die handelsomskrywing nie eg was nie; of
- (b) hy of sy nie alle redelike stappe gedoen het om die pleging van die beweerde misdryf te verhoed nie.”

Wysiging van artikel 8 van Wet 17 van 1941

8. Die opskrif van artikel 8 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende opskrif vervang:

“Verkoop van ingevoerde ware wat naam of merk van Suid-Afrikaanse fabrikant of handelaar dra, sonder byvoeging van aanduiding van herkoms”.

Vervanging van artikel 9 van Wet 17 van 1941

9. Artikel 9 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Verkoop van ingevoerde ware wat merke in amptelike taal dra, sonder byvoeging van aanduiding van herkoms

- 25 9. [Elkeen] Iemand wat ware wat nie in die [Unie] Republiek vervaardig of geproduseer is nie en waarop 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing in [die Afrikaanse of Engelse] enige amptelike taal van die Republiek aangebring is, in die [Unie] Republiek verkoop of, met die doel om ware te adverteer, sulke ware in die [Unie] Republiek versprei, is aan 'n misdryf skuldig, tensy die naam van die land waarin die ware vervaardig of geproduseer is op 'n opvallende wyse by die merk of omskrywing gevoeg is, benewens 'n verklaring dat hulle aldaar vervaardig of geproduseer is.”
- 30

Vervanging van artikel 14 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 54 van 1987

10. Artikel 14 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Ongemagtigde gebruik van sekere embleme

- 40 14.(1) Iemand wat in verband met sy of haar handel, besigheid, beroep of bedryf, of in verband met 'n handelsmerk, merk of handels omskrywing wat deur hom of haar op ware wat hy of sy vervaardig, produseer of verkoop, aangebring word sonder skriftelike volmag geteken deur of namens die Minister—
- 45 (a) die Wapen van die Republiek, of van die voormalige Unie van Suid-Afrika of 'n voormalige entiteit voor of na Uniewording waarvan die gebied deel vorm van die gebied van die Republiek, of 'n wapen wat soveel op die Wapen van die Republiek lyk dat dit waarskynlik misleidend sou wees, gebruik;
- (b) die betiteling, titel, naam, portret of afbeelding van die President of Adjunkpresident of 'n Minister van die Republiek gebruik;
- 50 (c) die naam, portret of afbeelding van 'n voormalige President of ander Staatshoof of verteenwoordiger van sodanige Staatshoof, Adjunkpresident of Minister, van die Republiek of van die voormalige Unie

former entity before or after Union, the territory of which forms part of the territory of the Republic; or

- (d) a reproduction of any monument, relic or antique as defined in the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), or of the Union Building or of any official residence of the President or Deputy President of the Republic, 5

shall be guilty of an offence: Provided that this subsection shall not apply to a trade mark registered before and in existence on 1 February 1941.

(2) Any person who uses in connection with his or her trade, business, profession or occupation any device, emblem, title or words in such a manner as to be likely to lead other persons to believe that— 10

- (a) his or her trade, business, profession or occupation is carried on under the patronage of; or
(b) he or she is employed by or supplies goods to, the President, any State department or a provincial government, without authority in writing signed by or on behalf of the President, the Minister administering that department or the Premier of the province concerned, as the case may be, shall be guilty of an offence.”. 15

Amendment of section 15 of Act 17 of 1941

11. Section 15 of the Merchandise Marks Act, 1941, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection: 20

“(1) The Minister may, after such investigation as he or she may think fit, by notice in the *Gazette*, prohibit either absolutely or conditionally the use of—

- (a) the National Flag, or any former National Flag, of the Republic; or
(b) any mark, word, letter or figure or any arrangement or combination thereof, 25
in connection with any trade, business, profession, [or] occupation or event, or in connection with a trade mark, mark or trade description applied to goods.”.

Substitution of section 16 of Act 17 of 1941

12. The following section is hereby substituted for section 16 of the Merchandise Marks Act, 1941: 30

“Implied warranty on sale of marked goods

16. Every person who sells any goods to which a [trade mark or] trade description has been applied shall be deemed to warrant that [the mark is a genuine trade mark and not forged or falsely applied, or that] the trade description is not a false trade description [as the case may be] unless the contrary is expressed in writing signed by the seller or on his or her behalf and delivered at the time of the sale to and accepted by the purchaser.”. 35

Substitution of section 17 of Act 17 of 1941, as amended by section 2 of Act 55 of 1967 40

13. The following section is hereby substituted for section 17 of the Merchandise Marks Act, 1941:

“Containers marked with owner’s name not to be sold

- 17.(1) Any person—
(a) who buys or sells any [bottle] container or [screw stopper] closure 45
therefor to which have been indelibly applied words in [the English or Afrikaans] any official language of the Republic stating plainly that

- van Suid-Afrika of 'n voormalige entiteit voor of na Uniewording waarvan die gebied deel vorm van die gebied van die Republiek; of
- (d) 'n weergawe van 'n gedenkwaardigheid, oudheidsoorblyfsel of antieke voorwerp soos omskryf in die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), of van die Uniegebou of van 'n amptelike woning van die President of Adjunkpresident van die Republiek gebruik,
- is aan 'n misdryf skuldig: Met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie op 'n handelsmerk wat geregistreer is voor en reeds bestaan het op 1 Februarie 1941.
- (2) Iemand wat in verband met sy of haar handel, besigheid, beroep of bedryf 'n devies, embleem, titel of woorde op so 'n wyse gebruik dat dit ander persone waarskynlik onder die indruk sal bring dat—
- (a) sy of haar handel, besigheid, beroep of bedryf gedryf word onder die beskerming van; of
- (b) hy of sy in diens is van, of ware lewer aan, die President, enige Staatsdepartement of 'n provinsiale regering, sonder skriftelike volmag geteken deur of namens die President, die Minister wat daardie departement beheer of die Premier van die betrokke provinsie, na gelang van die geval, is aan 'n misdryf skuldig.'.

Wysiging van artikel 15 van Wet 17 van 1941

11. Artikel 15 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(1) Na so 'n ondersoek as wat hy of sy dienstig ag, kan die Minister die gebruik van—
- (a) die Nasionale Vlag, of 'n voormalige Nasionale Vlag, van die Republiek; of
- (b) 'n merk, woord, letter of figuur of enige rangskikking of kombinasie daarvan,
- in verband met enige handel, besigheid, beroep, [of] bedryf of gebeurtenis, of in verband met 'n handelsmerk, merk of handelsomskrywing wat op ware aangebring is, by kennisgewing in die *Staatskoerant* of geheel en al of voorwaardelik verbied.”.

Vervanging van artikel 16 van Wet 17 van 1941

12. Artikel 16 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Stilswyende waarborg by verkoop van gemerkte ware

16. Iemand wat ware waarop 'n [handelsmerk of] handelsomskrywing aangebring is, verkoop, word geag te waarborg dat [die merk 'n egte handelsmerk is en nie vervals of valslik aangebring nie, of, na gelang van die geval, dat] die handelsomskrywing nie 'n valse handelsomskrywing is nie, tensy die teenoorgestelde in 'n geskrif uiteengesit is wat deur of ten behoeve van die verkoper geteken is en tydens die verkoop gelewer is aan en aangeneem is deur die koper.”.

13. Artikel 17 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Verbod op verkoop van houters wat met naam van eienaar gemerk is

17. (1) Iemand—
- (a) wat 'n [fles] houer of [skroefprop] sluiting daarvan waarop woorde in [die Afrikaanse of Engelse] enige amptelike taal van die Republiek waarmee duidelik verklaar word dat die [fles] houer of

the [bottle] container or [screw stopper] closure is the property of a named person; or

- (b) who sells any goods contained in any such [bottle] container without the consent in writing of the person so named, unless those goods are the property of or have been produced or manufactured by the person so named,

shall be guilty of an offence.

(2) Subsection (1) shall not apply to any transaction whereby any such [bottle] container or [screw stopper] closure is sold—

- (a) by the manufacturer thereof to the person named thereon; or
(b) with the whole of the business in connection with which it is used.”.

Amendment of section 18 of Act 17 of 1941, as amended by section 3 of Act 26 of 1951

14. Section 18 of the Merchandise Marks Act, 1941, is hereby amended—

- (a) by the deletion of subsection (1); and

- (b) by the addition of the following subsection:

“(3) If in the prosecution of any person for an offence referred to in section 7 it is proved that—

- (a) the accused conducts business in goods of the same or similar type as the goods to which any false trade description was applied; and
(b) the goods—

- (i) were found in possession of the accused; or
(ii) the existence of which the accused was aware of or could reasonably be expected to have been aware of, were found on or in premises of which the accused was on the particular day the owner, occupier, manager or person in charge,

it shall be presumed, until the contrary is proved, that the accused offered for sale or hire the goods.”.

Repeal of section 19 of Act 17 of 1941

15. Section 19 of the Merchandise Marks Act, 1941, is hereby repealed.

Amendment of section 20 of Act 17 of 1941

16. Section 20 of the Merchandise Marks Act, 1941, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) (a) Any person convicted of an offence in terms of this Act, except section 5, shall be liable—

- (i) in the case of a first conviction, to a fine not exceeding R5 000 for each article to which the offence relates or to imprisonment for a period not exceeding three years or to both such fine and such imprisonment;
(ii) in any other case, to a fine not exceeding R10 000 for each article to which the offence relates or to imprisonment for a period not exceeding five years or to both such fine and such imprisonment.

(b) Any person convicted of an offence referred to in section 5 shall be liable to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months.”.

Repeal of section 21bis of Act 17 of 1941, as inserted by section 3 of Act 39 of 1952 and substituted by section 3 of Act 55 of 1967

17. Section 21bis of the Merchandise Marks Act, 1941, is hereby repealed.

Substitution of certain word in Act 17 of 1941

18. The Merchandise Marks Act, 1941, except section 14, is hereby amended by the substitution for the word “Union”, wherever it occurs, of the word “Republic”.

[skroefprop] sluiting die eiendom van 'n genoemde persoon is, op 'n onuitwisbare wyse aangebring is, koop of verkoop; of

- (b) wat sonder die skriftelike toestemming van die aldus genoemde persoon, ware in so 'n [fles] houer vervat, verkoop, tensy bedoelde ware die eiendom is van, of vervaardig of geproduseer is deur, die aldus genoemde persoon, is aan 'n misdryf skuldig.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n transaksie waarby so 'n [fles] houer of [skroefprop] sluiting verkoop word—

- (a) deur die vervaardiger daarvan aan die daarop genoemde persoon; of
(b) tesame met die hele besigheid in verband waarmee dit gebruik word.”.

Wysiging van artikel 18 van Wet 17 van 1941, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 26 van 1951

14. Artikel 18 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) te skrap; en
(b) deur die volgende subartikel by te voeg:
“(3) Indien daar by enige vervolging van iemand weens 'n misdryf bedoel in artikel 7 bewys word dat—
(a) die beskuldigde 'n besigheid dryf in ware van dieselfde of soortgelyke tipe as die ware waarop 'n valse handelsoms krywing aangebring is; en
(b) die ware—
(i) in besit van die beskuldigde gevind is; of
(ii) die bestaan waarvan die beskuldigde bewus was of redelikerwys verwag kon word om bewus te gewees het, gevind is op of in 'n perseel waarvan die beskuldigde op die bepaalde dag die eienaar, okkupeerder, bestuurder of persoon in beheer was, word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die beskuldigde die ware vir verkoop of verhuur aangebied het.”.

Herroeping van artikel 19 van Wet 17 van 1941

15. Artikel 19 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby herroep.

Wysiging van artikel 20 van Wet 17 van 1941

16. Artikel 20 van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- “(1) (a) Elkeen wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie Wet, behalwe artikel 5, is strafbaar—
(a) in die geval van 'n eerste skuldigbevinding, met 'n boete van hoogstens R5 000 vir elke artikel waarop die misdryf betrekking het of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf;
(b) in enige ander geval, met 'n boete van hoogstens R10 000 vir elke artikel waarop die misdryf betrekking het of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.
(2) Elkeen wat skuldig bevind is aan 'n misdryf bedoel in artikel 5, is strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.”.

Herroeping van artikel 21bis van Wet 17 van 1941, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 39 van 1952 en vervang deur artikel 3 van Wet 55 van 1967

17. Artikel 21bis van die Handelswaremerke-wet, 1941, word hierby herroep.

50 Vervanging van sekere woord in Wet 17 van 1941

18. Die Handelswaremerke-wet, 1941, behalwe artikel 14, word hierby gewysig deur die woord “Unie”, oral waar dit voorkom, deur die woord “Republiek” te vervang.

Amendment of section 1 of Act 11 of 1967

19. Section 1(1) of the Performers' Protection Act, 1967, is hereby amended—

- (a) by the deletion of the definitions of "broadcasting" and "Corporation";
 (b) by the insertion before the definition of "literary and artistic works" of the following definitions:

" 'broadcast', when used as a noun, means a telecommunication service of transmissions consisting of sounds, images, signs or signals which—

(a) takes place by means of electromagnetic waves of frequencies of lower than 3 000 GHz transmitted in space without an artificial conductor; and

(b) is intended for reception by the public or sections of the public, and, when used as a verb, shall be construed accordingly;

'broadcaster' means a person who undertakes a broadcast;

'fixation' includes storage of—

(a) sounds or images or both sounds and images; or

(b) data or signals representing sounds or images or both sounds and images;"; and

- (c) by the substitution for the definition of "rebroadcasting" of the following definition:

" 'rebroadcasting' means the simultaneous broadcasting by one [broad-casting organization] broadcaster of the broadcast of another [broad-casting organization] broadcaster, and 'rebroadcast' has a corresponding meaning;".

Substitution of section 4 of Act 11 of 1967

20. The following section is hereby substituted for section 4 of the Performers' Protection Act, 1967:

"Extension of protection of performers' rights to performances in certain countries

4. The protection granted to performers by this Act shall [subject to such limitations as may hereinafter be prescribed] be extended automatically to performers in respect of their performances—

(a) taking place;

(b) broadcast without a fixation; or

(c) first fixed,

in a country which [being a party to the International Convention for the Protection of Performers, Producers of Phonograms and Broadcasting Organizations, by law grants in its territory similar rights to performers in respect of their performances in the Republic] is a member of the World Trade Organization."

Substitution of section 7 of Act 11 of 1967

21. The following section is hereby substituted for section 7 of the Performers' Protection Act, 1967:

"Term of protection

7. The prohibition against the use of a performance [without the consent of the performer] as provided for in section 5, shall commence upon the day when the performance first took place or, if incorporated in a phonogram, when it was first fixed on such phonogram, and shall continue for a period of [twenty] 50 years calculated from the end of the calendar year in which the performance took place or was incorporated in a phonogram, as the case may be."

Wysiging van artikel 1 van Wet 11 van 1967

19. Artikel 1(1) van die Wet op die Beskerming van Voordrers, 1967, word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “heruitsending” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘heruitsending’ die gelyktydige uitsending deur een **[uitsaai-organisasie]** uitsender van die uitsending van ’n ander **[uitsaai-organisasie]** uitsender, en het ‘heruitsaai’ ’n ooreenstemmende betekenis;”;
- (b) deur die omskrywing van “Korporasie” te skrap;
- (c) deur na die omskrywing van “reproduksie” die volgende omskrywing in te voeg:
- “‘uitsender’ iemand wat ’n uitsending onderneem;”;
- (d) deur die omskrywing van “uitsending” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “‘uitsending’ ’n telekommunikasiediens van oorsending wat uit klanke, beelde, tekens of seine bestaan en wat—
- (a) deur middel van elektromagnetiese golwe van laer as 3 000 GHz wat in die ruimte oorgesend word sonder ’n kunsmatige geleier; en
- (b) bedoel is vir ontvangs deur die publiek of gedeeltes van die publiek, en het ‘uitsaai’ ’n dienooreenkomstige betekenis;”;
- (e) deur voor die omskrywing van “voordrers” die volgende omskrywing in te voeg:
- “‘vaslegging’ ook die berging van—
- (a) klanke of beelde of beide klanke en beelde; of
- (b) data of seine wat klanke of beelde of beide klanke en beelde verteenwoordig;”.

Vervanging van artikel 4 van Wet 11 van 1967

20. Artikel 4 van die Wet op die Beskerming van Voordrers, 1967, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Uitbreiding van beskerming van voordrers se regte tot uitvoerings in sekere lande

4. Die beskerming deur hierdie Wet verleen aan voordrers word **[onderworpe aan die beperkings wat hieronder voorgeskryf word]** outomaties uitgebrei tot voordrers ten opsigte van hul uitvoerings—
- (a) wat plaasvind;
- (b) wat uitgesaai word sonder ’n vaslegging; of
- (c) vir die eerste keer vasgelê,
- in ’n land wat **[’n party by die Internasionale Konvensie vir die Beskerming van Voordrers, Vervaardigers van Fonogramme en Uitsaai-organisasies is en wat by wet in sy gebied soortgelyke regte aan voordrers verleen ten opsigte van hul uitvoerings in die Republiek] ’n lid van die Wêreldhandelsorganisasie is.**”.

45 Vervanging van artikel 7 van Wet 11 van 1967

21. Artikel 7 van die Wet op die Beskerming van Voordrers, 1967, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Duur van beskerming

7. Die verbod op die gebruik van ’n uitvoering **[sonder die toestemming van die voordrers]** soos in artikel 5 bepaal, begin op die dag waarop die uitvoering die eerste keer **[plaasvind]** plaasgevind het of, indien dit in ’n fonogram opgeneem is, waarop dit die eerste keer op daardie fonogram vasgelê is, en duur vir ’n tydperk van **[twintig]** 50 jaar bereken vanaf die end van die kalenderjaar waarin die uitvoering plaasgevind het of in ’n fonogram opgeneem is, na gelang van die geval.”.

Amendment of section 8 of Act 11 of 1967

22. Section 8 of the Performers' Protection Act, 1967, is hereby amended—

- (a) by the deletion of subsection (1);
- (b) by the substitution for paragraph (a) of subsection (3) of the following paragraph:

“(a) **[The Corporation]** A broadcaster may make by means of **[its]** his or her own facilities a fixation of a performance and reproductions of such fixation without the consent required by section 5, provided that, unless otherwise stipulated—

- (i) the fixation and the reproductions thereof are used solely in the broadcasts made by the **[Corporation]** broadcaster;
- (ii) the fixation and any reproductions thereof, if they are not of an exceptional documentary character, are destroyed before the end of the period of six months commencing on the day on which the fixation was first made; and
- (iii) the **[Corporation]** broadcaster pays to the performer, whose performance is so used, in respect of each use of the fixation or of any reproduction thereof, an equitable remuneration, which, in the absence of agreement, shall be determined in accordance with the provisions of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965), or alternatively, at the option of the performer, by the Copyright Tribunal established by the Copyright Act, **[1965 (Act No. 63 of 1965)]** 1978 (Act No. 98 of 1978).”; and

- (c) by the deletion of subsection (4).

Amendment of section 9 of Act 11 of 1967

23. Section 9(1) of the Performers' Protection Act, 1967, is hereby amended by the substitution for paragraphs (i), (ii) and (iii) of the following paragraphs, respectively:

- “(i) in the case of a contravention referred to in paragraph (a), to a fine **[not exceeding fifty rand]** or to imprisonment for a period not exceeding three months, and the court convicting him or her may in addition, on the application of the performer whose rights have been infringed, and without proof of any damages, order him or her to pay to the performer as damages such amount, not exceeding **[one hundred rand]** the amount determined by the Minister from time to time by notice in the *Gazette*, as may in the circumstances of the case appear to it to be reasonable;
- (ii) in the case of a contravention of paragraph (b), to a fine not exceeding **[ten rand]** the amount determined by the Minister, in consultation with the Minister of Justice, from time to time by notice in the *Gazette* in respect of each fixation or reproduction; and
- (iii) in the case of a contravention of paragraph (c), to a fine **[not exceeding one hundred rand]** or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.”.

Amendment of section 10 of Act 11 of 1967

24. Section 10 of the Performers' Protection Act, 1967, is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

- “(a) an amount not exceeding **[one hundred rand]** the amount determined by the Minister from time to time by notice in the *Gazette*, and such court may, without proof of any damages and in addition to the costs of the action, award as damages such amount, not exceeding the said amount, as may in the circumstances of the case appear to it to be reasonable; or”.

Amendment of section 14 of Act 11 of 1967

25. Section 14 of the Performers' Protection Act, 1967, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- “(2) This Act shall **[not]** apply to performances which took place before the commencement of this Act as it applies in relation to performances which take place thereafter.”.

Wysiging van artikel 8 van Wet 11 van 1967

22. Artikel 8 van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) te skrap;
- 5 (b) deur paragraaf (a) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(a) **[Die Korporasie]** ’n Uitsender kan deur middel van sy of haar eie fasiliteite ’n vaslegging van ’n uitvoering en reproduksies van daardie vaslegging maak sonder die toestemming deur artikel 5 vereis, mits, tensy anders beding—
- 10 (i) die vaslegging en die reproduksies daarvan alleen gebruik word in die uitsendings deur die **[Korporasie]** uitsender gedoen;
- (ii) die vaslegging en enige reproduksies daarvan, indien hulle nie van ’n uitsonderlike dokumentêre aard is nie, vernietig word voor die end van die tydperk van ses maande wat begin op die dag waarop die vaslegging die eerste keer gemaak is; en
- 15 (iii) die **[Korporasie]** uitsender aan die voordraer wie se uitvoering aldus gebruik word, ten opsigte van elke gebruikmaking van die vaslegging of van ’n reproduksie daarvan ’n billike vergoeding betaal, wat, by ontstentenis van ooreenkoms, vasgestel moet word ooreenkomstig die bepalinge van die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet 42 van 1965), of anders, volgens die keuse van die voordraer, deur die Outeursreghof ingestel deur die Wet op Outeursreg, **[1965 (Wet 63 van 1965)]** 1978 (Wet No. 98 van 1978).”; en
- 20 (c) deur subartikel (4) te skrap.

25 Wysiging van artikel 9 van Wet 11 van 1967

23. Artikel 9(1) van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, word hierby gewysig deur paragrawe (i), (ii) en (iii) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:

- 30 “(i) in die geval van ’n in paragraaf (a) bedoelde oortreding, met ’n boete **[van hoogstens vyftig rand]** of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens drie maande, en die hof wat hom of haar skuldig bevind, kan daarbenewens, op aansoek van die voordraer op wie se regte inbreuk gemaak is, en sonder bewys van enige skade, hom of haar beveel om aan die voordraer die bedrag, maar hoogstens **[honderd rand]** die bedrag wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, as skadevergoeding te betaal
- 35 wat vir die hof onder die omstandighede van die geval redelik voorkom;
- (ii) in die geval van ’n oortreding van paragraaf (b), met ’n boete van hoogstens **[tien rand]** die bedrag wat die Minister, in oorleg met die Minister van Justisie, van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal ten opsigte van elke vaslegging of reproduksie; en
- 40 (iii) in die geval van ’n oortreding van paragraaf (c), met ’n boete **[van hoogstens honderd rand]** of met gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.”.

Wysiging van artikel 10 van Wet 11 van 1967

45 24. Artikel 10 van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

- “(a) ’n bedrag van hoogstens **[honderd rand]** die bedrag wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, en so ’n hof kan, sonder bewys van enige skade en benewens die koste van die geding, die bedrag, maar hoogstens die genoemde bedrag, as skadevergoeding toeken wat vir **[hom]** die hof onder die omstandighede van die geval redelik voorkom; of”.
- 50

Wysiging van artikel 14 van Wet 11 van 1967

25. Artikel 14 van die Wet op die Beskerming van Voordraers, 1967, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

- 55 “(2) Hierdie Wet is **[nie]** van toepassing **[nie]** op uitvoerings wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet **[geskied]** plaasgevind het net soos dit van toepassing is met betrekking tot uitvoerings wat daarna plaasvind.”.

Amendment of section 1 of Act 57 of 1978

26. Section 1 of the Patents Act, 1978, is hereby amended—

- (a) by the deletion of the expression “16”; and
- (b) by the insertion after the words “CHAPTER V Applications for Patents (sections 25 to 43)” of the following words:

“CHAPTER VA International Applications under the Patent Cooperation Treaty (sections 43A to 43F).”

Amendment of section 2 of Act 57 of 1978, as amended by section 1 of Act 76 of 1988

27. Section 2 of the Patents Act, 1978, is hereby amended—

- (a) by the substitution for the definition of “convention country” of the following definition:

“‘convention country’, in relation to any provision of this Act, means any country, including any group of countries and any territory for whose international relations another country is responsible, which the President has with a view to the fulfilment of any treaty, convention, arrangement or engagement, by proclamation in the *Gazette* declared to be a convention country for the purposes of such provision; and the expressions ‘convention aircraft’, ‘convention land vehicle’ and ‘convention vessel’ have corresponding meanings;”
- (b) by the substitution for the definition of “patent” of the following definition:

“‘patent’ means [letters] a certificate in the prescribed form to the effect that a patent for an invention has been granted in the Republic;”
- (c) by the insertion after the definition of “patent” of the following definition:

“‘Patent Cooperation Treaty’ means the Patent Cooperation Treaty of 19 June 1970 as amended from time to time and as acceded to by the Republic and as in force in the Republic;”; and
- (d) by the deletion of the definition of “priority date”.

Amendment of section 3 of Act 57 of 1978, as amended by section 1 of Act 14 of 1979

28. Section 3(1) of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for paragraph (d) of the following paragraph:

- “(d) be subject to the provisions of section 39 of the repealed law, except that the term of any such patent shall not be extended for a period exceeding five years, and provided further that, as from 1 January 1979, no renewal fees shall be payable in respect of such an extended period.”

Repeal of section 11 of Act 57 of 1978

29. Section 11 of the Patents Act, 1978, is hereby repealed.

Amendment of section 24 of Act 57 of 1978

30. Section 24 of the Patents Act, 1978, is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“(7) The registrar or the South African Institute of Intellectual Property Law shall have right to apply to the commissioner for an interdict and other appropriate relief against any person contravening any provision of this section.”; and
- (b) by the addition of the following subsection:

“(9) Any communication made by or to a patent agent in his or her capacity as such shall be privileged from disclosure in legal proceedings in the same manner as is any communication made by or to an attorney in his or her capacity as such.”

Wysiging van artikel 1 van Wet 57 van 1978

26. Artikel 1 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig—

(a) deur die uitdrukking “16” te skrap; en

(b) deur na die woorde “HOOFSTUK V Aansoeke om Patente (artikels 25 tot 43) die volgende woorde in te voeg:

“HOOFSTUK VA Internasionale Aansoeke kragtens die Patentewerkingsverdrag (artikels 43A tot 43F).”.

Wysiging van artikel 2 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 76 van 1988

27. Artikel 2 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig—

(a) deur die omskrywing van “konvensieland” deur die volgende omskrywing te vervang:

“ ‘konvensieland’, met betrekking tot enige bepaling van hierdie Wet, enige land, met inbegrip van ’n groep lande en enige gebied vir wie se internasionale verhoudings ’n ander land verantwoordelik is, wat die President met die oog op die nakoming van ’n verdrag, konvensie, skikking of verpligting, by proklamasie in die *Staatskoerant* tot ’n konvensieland by toepassing van sodanige bepaling verklaar het; en het die uitdrukkings ‘konvensielandvoertuig’, ‘konvensievaartuig’ en ‘konvensievliegtuig’ ooreenstemmende betekenis;”;

(b) deur die omskrywing van “patent” deur die volgende omskrywing te vervang:

“ ‘patent’ [patentbriewe] ’n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm te dien effekte dat ’n patent vir ’n uitvinding in die Republiek verleen is;”;

(c) deur na die omskrywing van “patent” die volgende omskrywing in te voeg: “ ‘Patentewerkingsverdrag’ die ‘Patent Cooperation Treaty’ van 19 Junie 1970 soos van tyd tot tyd gewysig en soos daartoe deur die Republiek toegetree en van krag in die Republiek;”;

(d) deur die omskrywing van “voorkeurdatum” te skrap.

Wysiging van artikel 3 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 14 van 1979

28. Artikel 3(1) van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur paragraaf

(d) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) aan die bepalings van artikel 39 van die herroepe wet onderworpe is, behalwe dat die termyn van sodanige patent nie vir ’n langer tydperk as vyf jaar verleng word nie, en met dien verstande voorts dat vanaf 1 Januarie 1979 geen hernuwingsgelde betaalbaar is ten opsigte van sodanige verlengde tydperk nie.”.

Herroeping van artikel 11 van Wet 57 van 1978

29. Artikel 11 van die Wet op Patente, 1978, word hierby herroep.

Wysiging van artikel 24 van Wet 57 van 1978

30. Artikel 24 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Die registrateur of die Suid-Afrikaanse Instituut vir Intellektuele Goederereg het die reg om by die kommissaris aansoek te doen om ’n interdik en ander toepaslike regshulp teen iemand wat enige bepaling van hierdie artikel oortree.”; en

(b) deur die volgende subartikel by te voeg:

“(9) Enige mededeling deur of aan ’n patentagent in sy of haar hoedanigheid as sodanig gemaak, is geprivilegieer teen openbaarmaking in geregtelike verrigtinge op dieselfde wyse as enige mededeling deur of aan ’n prokureur in sy of haar hoedanigheid as sodanig.”.

Amendment of section 25 of Act 57 of 1978

31. Section 25 of the Patents Act, 1978, is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) An invention shall be deemed to be new if it does not form part of the state of the art immediately before the priority date of **[any claim to]** that invention.”;

(b) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“(7) The state of the art shall also comprise matter contained in an application, open to public inspection, for a patent, notwithstanding that that application was lodged at the patent office and became open to public inspection on or after the priority date of **[any claim to that]** the relevant invention, if—

(a) that matter was contained in that application both as lodged and as open to public inspection; and

(b) the priority date of that matter is earlier than that of the **[relevant claim] invention.**”;

(c) by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

“(9) In the case of an invention consisting of a substance or composition for use in a method of treatment of the human or animal body by surgery or therapy or of diagnosis practised on the human or animal body, the fact that the substance or composition forms part of the state of the art immediately before the priority date of **[any claim to]** the invention shall not prevent a patent being granted for the invention if the use of the substance or composition in any such method does not form part of the state of the art at that date.”; and

(d) by the substitution for subsection (10) of the following subsection:

“(10) Subject to the provisions of section 39(6), an invention shall be deemed to involve an inventive step if it is not obvious to a person skilled in the art, having regard to any matter which forms, immediately before the priority date of **[any claim to]** the invention, part of the state of the art by virtue only of subsection (6) (and disregarding subsections (7) and (8)).”.

Substitution of section 26 of Act 57 of 1978

32. The following section is hereby substituted for section 26 of the Patents Act, 1978:

“Prior knowledge or publication of invention excused in certain circumstances

26. A patent shall not be invalid by reason only of the fact that the invention in respect of which the patent was granted or any part thereof was disclosed, used or known prior to the priority date of **[a claim to]** the invention—

(a) if the patentee or his or her predecessor in title proves that such knowledge was acquired or such disclosure or use was made without his or her knowledge or consent, and that the knowledge acquired or the matter disclosed or used was derived or obtained from him or her, and, if he or she learnt of the disclosure, use or knowledge before the priority date of the **[claim in question] invention**, that he or she applied for and obtained protection for his or her invention with all reasonable diligence after learning of the disclosure, use or knowledge; or

(b) as a result of the invention being worked in the Republic by way of

Wysiging van artikel 25 van Wet 57 van 1978

31. Artikel 25 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) ’n Uitvinding word geag nuut te wees indien dit nie deel van die stand van die tegniek onmiddellik voor die voorkeurdatum van **[enige aanspraak op]** daardie uitvinding uitmaak nie.”;

(b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Die stand van die tegniek behels ook stof wat in ’n aansoek om ’n patent, wat ter insae deur die publiek lê, vervat is, ondanks die feit dat daardie aansoek by die patentkantoor ingedien is en ter insae deur die publiek begin lê het op of na die voorkeurdatum van **[enige aanspraak op daardie]** die tersaaklike uitvinding, indien—

(a) daardie stof vervat is in daardie aansoek sowel soos ingedien as soos dit ter insae deur die publiek lê; en

(b) die voorkeurdatum van daardie stof vroeër is as dié van die **[betrokke aanspraak]** uitvinding.”;

(c) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

“(9) In die geval van ’n uitvinding wat bestaan uit ’n stof of samestelling vir aanwending in ’n metode van behandeling van die menslike of dierlike liggaam deur snykunde of terapie of van diagnose wat op die menslike of dierlike liggaam beoefen word, belet die feit dat die stof of samestelling deel uitmaak van die stand van die tegniek onmiddellik voor die voorkeurdatum van **[enige aanspraak op]** die uitvinding, nie dat ’n patent vir die uitvinding verleen word nie indien die aanwending van die stof of samestelling in so ’n metode nie deel van die stand van die tegniek by die aanbreek van daardie datum uitmaak nie.”; en

(d) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

“(10) Behoudens die bepalings van artikel 39(6), word ’n uitvinding geag op ’n vindingryke handeling te berus indien dit vir iemand wat in die tegniek bedrewe is, nie vanselfsprekend is nie, met inagneming van stof wat onmiddellik voor die voorkeurdatum van **[enige aanspraak op]** die uitvinding, deel van die stand van die tegniek uit hoofde van slegs subartikel (6) (en met subartikels (7) en (8) buite rekening gelaat) uitmaak.”.

Vervanging van artikel 26 van Wet 57 van 1978

32. Artikel 26 van die Wet op Patente, 1978, word hierby deur die volgende artikel vervang:

40 **“Vorige kennis of publikasie van uitvinding onder sekere omstandighede verskoon**

26. ’n Patent is nie ongeldig nie bloot weens die feit dat die uitvinding ten opsigte waarvan die patent verleen was of ’n deel daarvan voor die voorkeurdatum van **[’n aanspraak op]** die uitvinding geopenbaar, aangewend of bekend was—

45 (a) indien die patenthouer of sy of haar voorganger in regte bewys dat bedoelde kennis verkry was of bedoelde openbaarmaking of aanwending sonder sy of haar wete of toestemming geskied het, en dat die kennis wat verkry was of die stof wat geopenbaar is of aangewend was, aan hom of haar ontleen of van hom of haar bekom was en, indien hy of sy voor die voorkeurdatum van die **[betrokke aanspraak]** uitvinding van die openbaarmaking, aanwending of kennis verneem het, dat hy of sy, nadat hy of sy van die openbaarmaking, aanwending of kennis bewus geword het, alle redelike stappe gedoen het om aansoek om beskerming vir sy of haar uitvinding te doen en dit te verkry; of

55 (b) as gevolg daarvan dat die uitvinding in die Republiek by wyse van ’n redelike tegniese proefneming of eksperiment deur die aansoeker of

reasonable technical trial or experiment by the applicant or patentee or the predecessor in title of the applicant or patentee.”.

Amendment of section 30 of Act 57 of 1978

33. Section 30(6) of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

“(b) The provisions of paragraph (a)(iii) and (iv) shall be deemed to have been complied with, in the case of a convention application, by the inclusion in the prescribed form of the number, date and title of **[such] the relevant application in the convention country from which such convention application claims priority and the name of the convention country**, if the specification and drawings, if any, are lodged within 14 days of the date on which the application was lodged.”.

Amendment of section 31 of Act 57 of 1978, as amended by section 2 of Act 14 of 1979, section 1 of Act 67 of 1983 and section 1 of Act 44 of 1986

34. Section 31(1) of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for paragraph (iv) of the following paragraph:

“(iv) the applicant in the application claiming priority is the proprietor of the prior application referred to in paragraph (a) or (b) **[and, where priority is claimed in terms of paragraph (c) the person claiming that priority is also the applicant in the convention country]** or of the application in the convention country referred to in paragraph (c), or the applicant has acquired the right to claim priority in the Republic **[has become vested in him]**.”.

Substitution of section 33 of Act 57 of 1978, as amended by section 2 of Act 67 of 1983

35. The following section is hereby substituted for section 33 of the Patents Act, 1978:

“Priority dates

33.(1) For the purposes of this Act, the priority date of an invention to which an application for a patent relates, and also that of any matter contained in any such application, whether or not such matter is the same as the invention, shall, except as otherwise provided in this Act, be the date of the lodging of the application.

(2) Where priority is claimed in an application in terms of section 31(1) from one or more prior applications, or one or more prior applications in a convention country or countries, or both, and the invention claimed in the application is fairly based on matter disclosed in one or more of the prior applications, the priority date of the invention shall be the date of lodging of the earliest of the prior applications in which that matter was disclosed in so far as it is fairly based on such earliest application.

(3) Any invention claimed in an application may have one or more priority dates.

(4) Until the contrary is proved, the priority date of an invention shall be the earliest priority date claimed in an application.

(5) In determining whether an invention claimed in an application is fairly based on the matter disclosed in a prior application or a prior application in a convention country, regard shall be had to the disclosures contained in all documents lodged at the same time as and in support of that prior application or prior application in a convention country.

(6) The priority date of new matter introduced by way of a supplementary disclosure in terms of section 51(8) shall be the date of lodging of the supplementary disclosure.”.

patenthouer of die voorganger in regte van die aansoeker of patenthouer geëksploreer is.”.

Wysiging van artikel 30 van Wet 57 van 1978

33. Artikel 30(6) van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur paragraaf 5 (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) In die geval van ’n konvensie-aansoek word die bepalings van paragraaf (a)(iii) en (iv) geag aan voldoen te gewees het as die nommer, datum en titel van die tersaaklike aansoek in die konvensieland op grond waarvan sodanige konvensie-aansoek op voorkeur aanspraak maak en die naam van die konvensieland, ingesluit is in die voorgeskrewe vorm, indien die spesifikasie en tekeninge, as daar is, ingedien word binne 14 dae na die datum waarop die aansoek ingedien is.”.

Wysiging van artikel 31 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 14 van 1979, artikel 1 van Wet 67 van 1983 en artikel 1 van Wet 44 van 1986

34. Artikel 31(1) van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur paragraaf (iv) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(iv) die aansoeker by die aansoek wat op voorkeur aanspraak maak die eienaar is van die vorige aansoek bedoel in paragraaf (a) of (b) en, waar op voorkeur aanspraak gemaak word ingevolge paragraaf (c), die persoon wat op daardie voorkeur aanspraak maak, ook die aansoeker in die konvensieland is] of van die aansoek in die konvensieland bedoel in paragraaf (c), of die aansoeker die reg bekom het om in die Republiek op voorkeur aanspraak te maak [op hom oorgegaan het].”.

35. Vervanging van artikel 33 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 67 van 1983

35. Artikel 33 van die Wet op Patente, 1978, word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Voorkeurdatus

33. (1) By die toepassing van hierdie Wet is die voorkeurdatum van ’n uitvinding waarop ’n aansoek om ’n patent betrekking het, en ook dié van enige stof in enige sodanige aansoek vervat, hetsy daardie stof dieselfde is as die uitvinding al dan nie, die datum van indiening van die aansoek, tensy in hierdie Wet anders bepaal word.

(2) Waar ingevolge artikel 31(1) aanspraak gemaak word op voorkeur van een of meer vorige aansoeke, of een of meer vorige aansoeke in ’n konvensieland of -lande, of beide, en die uitvinding waarop in die aansoek aanspraak gemaak word, redelikerwys gegrond is op die stof geopenbaar in een of meer van die vorige aansoeke, is die voorkeurdatum van die uitvinding die datum van indiening van die vroegste van die vorige aansoeke waarin daardie stof geopenbaar is in soverre dit redelikerwys op sodanige vroegste aansoek gegrond is.

(3) Enige uitvinding waarop in ’n aansoek aanspraak gemaak word, kan een of meer voorkeurdatus hê.

(4) Totdat die teendeel bewys word, is die voorkeurdatum van ’n uitvinding die vroegste voorkeurdatum waarop in ’n aansoek aanspraak gemaak word.

(5) By bepaling van die vraag of ’n uitvinding waarop in ’n aansoek aanspraak gemaak word, redelikerwys gegrond is op die stof in ’n vorige aansoek of ’n vorige aansoek in ’n konvensieland geopenbaar, word die inligting geopenbaar in al die stukke wat gelyktydig met en tot staving van daardie vorige aansoek of vorige aansoek in ’n konvensieland ingedien is, in aanmerking geneem.

(6) Die voorkeurdatum van nuwe stof ingevoeg by wyse van ’n aanvullende openbaarmaking ingevolge artikel 51(8) is die datum van indiening van die aanvullende openbaarmaking.”.

Amendment of section 37 of Act 57 of 1978

36. Section 37 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

“(2) A patent granted on such fresh application shall not be revoked or invalidated on the ground only that the invention claimed in such fresh application is not new having regard to the matter disclosed in the first-mentioned application.”.

Amendment of section 43 of Act 57 of 1978, as amended by section 4 of Act 67 of 1983

37. Section 43 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(4)(a) After the expiry of five years following the date of application for a patent, any person may apply to the registrar for the patentee to supply the applicant with the prescribed particulars of any search report issued in another country in respect of an application for a patent relating to the same subject-matter which has been lodged in that country.

(b) On receipt of the application, the registrar shall forward a copy thereof to the patentee at the patentee's address for service.

(c) If the patentee fails to comply with the application within three months of receipt of the copy of the application at the patentee's address for service, the applicant may apply to the commissioner for an order requiring compliance with the application.

(d) Upon an application for compliance, the commissioner may order such compliance and, if the order is not complied with, the commissioner may make the further order that he or she thinks fit.”.

Insertion of Chapter VA in Act 57 of 1978

38. The following Chapter is hereby inserted after Chapter V of the Patents Act, 1978:

“CHAPTER VA**INTERNATIONAL APPLICATIONS UNDER THE
PATENT COOPERATION TREATY****Interpretation**

43A. In this Chapter, unless the context otherwise indicates, any word or expression defined in the Patent Cooperation Treaty shall have the same meaning as in that Treaty.

Effect of international application designating Republic

43B. Subject to this Chapter, an international application designating the Republic shall be deemed to be an application for a patent lodged at the patent office in terms of this Act.

Patent office as receiving, designated and elected Office

43C. The patent office shall be—

- (a) the receiving Office in respect of an international application lodged at it by a person who is a resident or national of the Republic;
- (b) the designated Office in respect of an international application designating the Republic;
- (c) the elected Office, if an applicant in an international application designating the Republic elects the Republic for the purposes of an international preliminary examination under Chapter II of the Patent Cooperation Treaty.

Wysiging van artikel 37 van Wet 57 van 1978

36. Artikel 37 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

- 25 “(2) ’n Uitvinding verleen op sodanige nuwe aansoek word nie ingetrek of tot niet gemaak nie bloot op grond daarvan dat die uitvinding waarop in sodanige nuwe aansoek aanspraak gemaak word, nie nuut is nie ten opsigte van die stof geopenbaar in eersgenoemde aansoek.”.

Wysiging van artikel 43 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 67 van 1983

- 10 37. Artikel 43 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

15 “(4)(a) Na verstryking van vyf jaar na die datum van aansoek om ’n patent, kan enigiemand by die registrateur aansoek doen dat die patenthouer die aansoeker moet voorsien van die voorgeskrewe besonderhede van enige opsporingsverslae wat in ’n ander land uitgereik is ten opsigte van ’n aansoek om ’n patent met betrekking tot dieselfde onderwerp wat in daardie land ingedien is.

(b) By ontvangs van die aansoek stuur die registrateur ’n afskrif daarvan aan die patenthouer by die patenthouer se adres vir betekening.

20 (c) Indien die patenthouer versuim om, binne drie maande van ontvangs van die afskrif van die aansoek by die patenthouer se adres vir betekening, die aansoek na te kom, kan die aansoeker by die kommissaris aansoek doen om ’n bevel wat nakoming van die aansoek vereis.

25 (d) Op ’n aansoek om nakoming, kan die kommissaris sodanige nakoming beveel en, indien die bevel nie nagekom word nie, kan die kommissaris die verdere bevel wat hy of sy goedvind uitreik.”.

Invoeging van Hoofstuk VA in Wet 57 van 1978

38. Die volgende Hoofstuk word na Hoofstuk V van die Wet op Patente, 1978, ingevoeg:

“HOOFSTUK VA**INTERNASIONALE AANSOEKE KRAGTENS DIE
PATENTESAMEWERKINGSVERDRAG****Uitleg**

35 43A. In hierdie Hoofstuk, tensy uit die samehang anders blyk, het ’n woord of uitdrukking waarvan die Engelse vertaling in die Patentesamewerkingsverdrag omskryf is, dieselfde betekenis as in daardie Verdrag.

Uitwerking van internasionale aansoek wat Republiek aanwys

40 43B. Behoudens hierdie Hoofstuk word ’n internasionale aansoek wat die Republiek aanwys, geag ’n aansoek om ’n patent by die patentkantoor ingevolge hierdie Wet ingedien te wees.

Patentkantoor as ontvanger-, aangewese en gekose Kantoor

45 43C. Die patentkantoor is—
(a) die ontvanger-Kantoor ten opsigte van ’n internasionale aansoek ingedien by die patentkantoor deur iemand wat ’n inwoner of burger van die Republiek is;
(b) die aangewese Kantoor ten opsigte van ’n internasionale aansoek wat die Republiek aanwys;
(c) die gekose Kantoor, indien die aansoeker in ’n internasionale aansoek wat die Republiek aanwys, die Republiek kies vir die doeleindes van ’n internasionale vooronderzoek kragtens Hoofstuk II van die Patentesamewerkingsverdrag.

National processing

43D. The patent office as designated Office or elected Office shall not commence processing of an international application designating or electing the Republic before the expiration of the period referred to in section 43E(1) except where the applicant complies with that section and lodges with the patent office a written request for early commencement of such processing.

Commencement of national phase

43E.(1) Before the expiration of the applicable period contemplated in Article 22 or 39 of the Patent Cooperation Treaty or of such further period as may be prescribed by regulation under this Act, the applicant in respect of an international application designating or electing the Republic shall—

- (a) pay the prescribed national fee to the patent office; and
- (b) if the international application has not been lodged or published in terms of the Patent Cooperation Treaty in English, lodge at the patent office a translation of the international application, containing the prescribed contents, in an official language of the Republic.

(2) If the applicant does not comply with subsection (1) within the period referred to in that subsection or the further period that the registrar allows, the international application concerned shall be deemed to have been abandoned for the purposes of this Act.

Administration

43F. (1) When processing an international application, the patent office shall, subject to subsections (2) and (3), apply the Patent Cooperation Treaty, the regulations made thereunder and the administrative instructions issued under those regulations, and the other provisions of this Act.

(2) When processing an international application, the Patent Cooperation Treaty, the regulations made thereunder and the administrative instructions issued under those regulations shall prevail in the event of any conflict with this Act.

(3) When processing an international application designating the Republic—

- (a) (i) section 9(b) shall not apply; and
- (ii) the applicant shall be represented by an agent who shall be appointed within the prescribed time;

- (b) section 10 shall apply only if the applicant complies with section 43E(1) and the applicant who so complies shall, for the purposes of section 10, be deemed to be the applicant in respect of the international application;

- (c) section 16(2) shall apply in relation to time limits specified in terms of the Patent Cooperation Treaty, the regulations made thereunder and the administrative instructions issued under those regulations unless otherwise provided therein;

- (d) (i) section 30(1), (5), (6) and (7) shall not apply; and
- (ii) the international application shall date from, and the date of application of the international application shall be, the international filing date accorded in terms of the Patent Cooperation Treaty;

- (e) (i) the description, claims, drawings (if any) and abstract referred to in Article 3(2) of the Patent Cooperation Treaty shall be deemed to be a complete specification; and
- (ii) section 32(5) shall not apply;

- (f) if—

 - (i) the international application is a convention application;

Nasionale verwerking

43D. Die patentkantoor as aangewese Kantoor of gekose Kantoor begin nie met die verwerking van 'n internasionale aansoek wat die Republiek aanwys of verkies voor die verstryking van die tydperk bedoel in artikel 43E(1) nie, behalwe waar die aansoeker aan daardie artikel voldoen en 'n skriftelike versoek by die patentkantoor indien vir die spoedige aanvang van sodanige verwerking.

Aanvang van nasionale fase

43E. (1) Voor die verstryking van die toepaslike tydperk beoog in Artikel 22 of 39 van die Patentesamewerkingsverdrag of van sodanige verdere tydperk wat by regulasie kragtens hierdie Wet voorgeskryf kan word, moet die aansoeker ten opsigte van 'n internasionale aansoek wat die Republiek aanwys of verkies—

(a) die voorgeskrewe nasionale gelde aan die patentkantoor betaal; en
(b) indien die internasionale aansoek nie ingevolge die Patentesamewerkingsverdrag in Engels ingedien of gepubliseer is nie, 'n vertaling van die internasionale aansoek, wat die voorgeskrewe inhoud bevat, in 'n amptelike taal van die Republiek indien.

(2) Indien die aansoeker nie aan subartikel (1) voldoen binne die tydperk bedoel in daardie subartikel of die verdere tydperk wat die registrateur toelaat nie, word die betrokke internasionale aansoek by die toepassing van hierdie Wet geag prysgegee te gewees het.

Administrasie

43F. (1) Wanneer 'n internasionale aansoek verwerk word, moet die patentkantoor, behoudens subartikels (2) en (3), die Patentesamewerkingsverdrag, die regulasies daarkragtens gemaak en die administratiewe instruksies kragtens daardie regulasies uitgereik, en die ander bepalings van hierdie Wet, toepas.

(2) Wanneer 'n internasionale aansoek verwerk word, geniet die Patentesamewerkingsverdrag, die regulasies daarkragtens gemaak en die administratiewe instruksies kragtens daardie regulasies uitgereik, voorrang in die geval van enige botsing met hierdie Wet.

(3) Wanneer 'n internasionale aansoek wat die Republiek aanwys, verwerk word—

(a) (i) is artikel 9(b) nie van toepassing nie;
(ii) word die aansoeker verteenwoordig deur 'n verteenwoordiger wat binne die voorgeskrewe tyd aangestel moet word;

(b) is artikel 10 slegs van toepassing indien die aansoeker aan artikel 43E(1) voldoen en die aansoeker wat aldus voldoen, word, by die toepassing van artikel 10, geag die aansoeker ten opsigte van die internasionale aansoek te wees;

(c) is artikel 16(2) van toepassing met betrekking tot die tydsbeperkinge gespesifiseer ingevolge die Patentesamewerkingsverdrag, die regulasies daarkragtens uitgevaardig en die administratiewe instruksies kragtens daardie regulasies uitgereik, tensy anders daarin bepaal word;

(d) (i) is artikel 30(1), (5), (6) en (7) nie van toepassing nie; en
(ii) dagteken die internasionale aansoek vanaf, en is die datum van aansoek van die internasionale aansoek, die internasionale indieningsdatum ingevolge die Patentesamewerkingsverdrag toegeken;

(e) (i) word die beskrywing, aansprake, tekeninge (as daar is) en samevatting bedoel in Artikel 3(2) van die Patentesamewerkingsverdrag geag 'n volledige spesifikasie te wees; en
(ii) is artikel 32(5) nie van toepassing nie;

(f) indien—
(i) die internasionale aansoek 'n konvensie-aansoek is;

- (ii) the applicant has complied with Rule 17.1 of the regulations made under the Patent Cooperation Treaty; and
- (iii) the priority document referred to in the said Rule 17.1 is a prescribed document for the purposes of section 35(2), the applicant shall be deemed to have furnished a copy of the priority document within the prescribed period referred to in section 35(2);
- (g) section 38 shall not apply;
- (h) for the purposes of section 40, the period of 18 months from the date of the application shall be a period of 12 months from the date on which the applicant complies with section 43E(1);
- (i) section 43(3) shall not apply but, when the applicant has complied with section 43E(1) and the application has been published in terms of Article 21 of the Patent Cooperation Treaty, the application shall be open to public inspection as provided in section 43(1);
- (j) section 43(4) shall not apply;
- (k) any correction or rectification of any document made in terms of the regulations made under the Patent Cooperation Treaty shall be deemed to be a correction or amendment made in terms of section 50;
- (l) (i) if an application for amendment of the international application is made before the acceptance of the international application, the application for amendment shall not be advertised as contemplated in section 51(2);
- (ii) if—
 - (aa) the applicant has not elected the Republic for the purposes of an international preliminary examination under Chapter II of the Patent Cooperation Treaty before the expiration of 19 months from the priority date as defined in Article 2(xi) of that Treaty and the applicant has complied with section 43E(1), any amendment made in terms of Article 19 of that Treaty; and
 - (bb) the applicant has elected the Republic for the purposes of an international preliminary examination under Chapter II of that Treaty before the expiration of 19 months from the priority date as defined in Article 2(xi) of the Patent Cooperation Treaty and the applicant has complied with section 43E(1), any amendment annexed to the international preliminary examination report, shall be deemed to have been made in terms of section 51 but may be set aside in terms of subsection (10) thereof.”.

Amendment of section 44 of Act 57 of 1978

39. Section 44 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Die patent geld vanaf die datum van die publikasie in subartikel [(2)] (1) vermeld.”.

Amendment of section 45 of Act 57 of 1978

40. Section 45 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The effect of a patent shall be to grant to the patentee in the Republic, subject to the provisions of this Act, for the duration of the patent, the right to exclude other persons from making, using, exercising, [or] disposing or offering to dispose of, or importing the invention, so that he or she shall have and enjoy the whole profit and advantage accruing by reason of the invention.”.

- (ii) die aansoeker aan Reël 17.1 van die regulasies uitgevaardig kragtens die Patentesamewerkingsverdrag voldoen het; en
- (iii) die voorkeurdokument bedoel in genoemde Reël 17.1 'n voorgeskrewe stuk is by die toepassing van artikel 35(2), word die aansoeker geag 'n afskrif van die voorkeurdokument binne die voorgeskrewe tydperk bedoel in artikel 35(2) te verskaf het;
- (g) is artikel 38 nie van toepassing nie;
- (h) by die toepassing van artikel 40, is die tydperk van 18 maande vanaf die datum van aansoek 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop die aansoeker aan artikel 43E(1) voldoen;
- (i) is artikel 43(3) nie van toepassing nie, maar, wanneer die aansoeker aan artikel 43E(1) voldoen het en die aansoek ingevolge Artikel 21 van die Patentesamewerkingsverdrag gepubliseer is, lê die aansoek ter insae deur die publiek soos bepaal in artikel 43(1);
- (j) is artikel 43(4) nie van toepassing nie;
- (k) word enige verbetering of regstelling van enige dokument ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens die Patentesamewerkingsverdrag geag 'n verbetering of wysiging gedoen ingevolge artikel 50 te wees;
- (l) (i) indien 'n aansoek om wysiging van die internasionale aansoek voor die aanvaarding van die internasionale aansoek gedoen word, word die aansoek om wysiging nie bekend gemaak soos beoog in artikel 51(2) nie;
- (ii) indien—
- (aa) die aansoeker nie die Republiek voor die verstryking van 19 maande vanaf die voorkeurdatum soos omskryf in Artikel 2(xi) van die Patentesamewerkingsverdrag vir die doeleindes van 'n internasionale vooronderzoek kragtens Hoofstuk II van daardie Verdrag verkies het nie en die aansoeker aan artikel 43E(1) voldoen het, word enige wysiging ingevolge Artikel 19 van daardie Verdrag gedoen;
- (bb) die aansoeker die Republiek voor die verstryking van 19 maande vanaf die voorkeurdatum soos omskryf in Artikel 2(xi) van die Patentesamewerkingsverdrag vir die doeleindes van 'n internasionale vooronderzoek kragtens Hoofstuk II van daardie Verdrag verkies het en die aansoeker aan artikel 43E(1) voldoen het, word enige wysiging bygevoeg tot die internasionale vooronderzoek,
- geag ingevolge artikel 51 gedoen te gewees het, maar kan ingevolge subartikel (10) daarvan tersyde gestel word.”.

40 Wysiging van artikel 44 van Wet 57 van 1978

39. Artikel 44 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die patent geld vanaf die datum van die publikasie in subartikel [(2)] (1) vermeld.”.

45 Wysiging van artikel 45 van Wet 57 van 1978

40. Artikel 45 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Die uitwerking van 'n patent is om, behoudens die bepalings van hierdie Wet, aan die patenthouer vir die duur van die patent in die Republiek die reg te verleen om ander persone uit te sluit van die vervaardiging, aanwending, uitoefening, [of] vandiehandsetting, aanbieding vir vandiehandsetting of invoer van die uitvinding, sodat hy of sy al die wins en voordeel wat uit die uitvinding ontstaan, verkry en geniet.”.

Amendment of section 46 of Act 57 of 1978, as amended by section 5 of Act 67 of 1983

41. Section 46 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The duration of a patent shall, unless otherwise provided in this Act, be 20 years from the date of application therefor, subject to payment of the prescribed renewal fees by the patentee concerned or an agent.”.

Amendment of section 49 of Act 57 of 1978

42. Section 49 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

“(6) Where any dispute arises between joint patentees as to their respective rights in or to a patent, the institution of proceedings relating to the patent or the manner in which they should deal with the patent or the patented invention, any joint patentee may apply to the commissioner to decide the matter in dispute.”.

Amendment of section 51 of Act 57 of 1978, as amended by section 7 of Act 67 of 1983 and section 3 of Act 44 of 1986

43. Section 51 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for the proviso to subsection (8) of the following proviso:

“Provided that in determining the validity of the patent under this Act, regard shall be had to the priority date of the new matter introduced by way of the supplementary disclosure.”.

Amendment of section 55 of Act 57 of 1978

44. Section 55 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the addition of the following proviso:

“Provided that the commissioner shall not grant such a licence unless—

- (a) the invention claimed in the dependent patent involves an important technical advance of considerable economic significance in relation to the invention claimed in the prior patent;
- (b) the proprietor of the dependent patent granted the proprietor of the prior patent on reasonable terms a cross-licence to use the invention claimed in the dependent patent; and
- (c) the use authorised in respect of the prior patent is not assignable except with the assignment of the dependent patent.”.

Amendment of section 56 of Act 57 of 1978, as amended by section 2 of Act 76 of 1988

45. Section 56 of the Patents Act, 1978, is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Any interested person who can show that the rights in a patent are being abused may apply to the [registrar] commissioner in the prescribed manner for a compulsory licence under the patent.”;

- (b) by the deletion of subsection (1A) and paragraph (b) of subsection (2);
- (c) by the substitution for paragraph (a) of subsection (4) of the following paragraph:

“(a) The commissioner shall consider the application on its merits and may order the grant to the applicant of a licence on such conditions as he or she may deem fit, including a condition precluding the licensee from importing into the Republic any patented articles.”;

- (d) by the addition of the following paragraph to subsection (4):

“(c) A licence granted under this section shall include a provision that, subject to adequate protection of the legitimate interests of the licensee,

Wysiging van artikel 46 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 67 van 1983

41. Artikel 46 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

- 5 “(1) Die duur van ’n patent is, tensy anders in hierdie Wet bepaal, onderworpe aan die betaling van die voorgeskrewe hernuwingsgelde deur die betrokke patenthouer of ’n agent, 20 jaar vanaf die datum van die aansoek daarom.”.

Wysiging van artikel 49 van Wet 57 van 1978

42. Artikel 49 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

- 10 “(6) Wanneer ’n geskil tussen medepatenthouers ontstaan in verband met hulle onderskeie regte in of op ’n patent, die instel van ’n geding met betrekking tot die patent of die wyse waarop hulle met die patent of die gepatenteerde uitvinding moet handel, kan ’n medepatenthouer by die kommissaris aansoek doen om oor
15 die geskilpunt te beslis.”.

Wysiging van artikel 51 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 67 van 1983 en artikel 3 van Wet 44 van 1986

43. Artikel 51 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (8) deur die volgende voorbehoudsbepaling te
20 vervang:

- “Met dien verstande dat wanneer die geldigheid van die patent kragtens hierdie Wet bepaal word, die [datum] voorkeurdatum van die nuwe stof bygevoeg by
wyse van die aanvullende openbaarmaking in ag geneem moet word.”.

Wysiging van artikel 55 van Wet 57 van 1978

25 44. Artikel 55 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

- “Met dien verstande dat die kommissaris so ’n lisensie nie verleen nie tensy—
(a) die uitvinding waarop in die afhanklike patent aanspraak gemaak word, ’n
belangrike tegniese vordering van aansienlike ekonomiese belang met
30 betrekking tot die uitvinding waarop in die vroeëre patent aanspraak gemaak word, behels;
(b) die eienaar van die afhanklike patent op redelike voorwaardes aan die eienaar van die vroeëre patent ’n kruislisensie verleen om die uitvinding waarop in die afhanklike patent aanspraak gemaak word, te gebruik; en
35 (c) die gebruik gemagtig ten opsigte van die vroeëre patent nie oordraagbaar is nie, behalwe met die oordrag van die afhanklike patent.”.

Wysiging van artikel 56 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 76 van 1988

45. Artikel 56 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig—

- 40 (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
“(1) ’n Belanghebbende wat kan bewys dat die regte in ’n patent misbruik word, kan op die voorgeskrewe wyse by die [registreur] kommissaris om ’n verpligte lisensie kragtens die patent aansoek doen.”;
45 (b) deur subartikel (1A) en paragraaf (b) van subartikel (2) te skrap;
(c) deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
“(a) Die kommissaris moet die aansoek op verdienste oorweeg en kan beveel dat ’n lisensie aan die aansoeker verleen word op die
50 voorwaardes wat hy of sy goedvind, met inbegrip van ’n voorwaarde wat die lisensiehouer belet om in die Republiek gepatenteerde artikels in te voer.”;
(d) deur die volgende paragraaf by subartikel (4) te voeg:
“(c) ’n Lisensie verleen kragtens hierdie artikel sluit in ’n bepaling dat, behoudens voldoende beskerming van die regmatige belange van

the licence shall, on application by the patentee, be terminated if the circumstances which led to its grant cease to exist and, in the opinion of the commissioner, are unlikely to recur.”;

(e) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5) [If the only abuse found by the commissioner to have been established is that set out in subsection (2)(a), any] Any licence granted under this section shall be non-exclusive [but] and shall not be transferable except to a person to whom the business or part of the business in connection with which the rights under the licence were exercised has been transferred.”;

(f) by the deletion of subsection (6);

(g) by the substitution for subsection (10) of the following subsection:

“(10) Subject [to the provisions of subsection (11) and] to the conditions that may be attached to the licence, a licensee under this section shall have the same rights and obligations as any other licensee under a patent.”; and

(h) by the deletion of subsections (11) and (12).

Amendment of section 65 of Act 57 of 1978, as amended by section 3 of Act 76 of 1988

46. Section 65 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

“(6) In lieu of damages the plaintiff may, at his or her option, be awarded an amount calculated on the basis of a reasonable royalty which would have been payable by a licensee or sub-licensee in respect of the patent concerned.”;

Amendment of section 91 of Act 57 of 1978

47. Section 91 of the Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for the words following paragraph (g) of the following words:

“generally, as to any matter which he or she considers [it] necessary or expedient to prescribe in order to carry out, or give effect to, the Patent Cooperation Treaty or that the purposes of this Act may be achieved.”.

Substitution of certain expression in Act 57 of 1978

48. The Patents Act, 1978, is hereby amended by the substitution for the expression “South African Institute of Patent Agents”, wherever it occurs, of the expression “South African Institute of Intellectual Property Law”.

Substitution of long title of Act 57 of 1978

49. The following long title is hereby substituted for the long title of the Patents Act, 1978:

“ACT

To provide for the registration and granting of patents for inventions and for matters connected therewith.”.

Amendment of section 1 of Act 98 of 1978, as amended by section 1 of Act 56 of 1980, section 1 of Act 66 of 1983, section 1 of Act 52 of 1984, section 1 of Act 13 of 1988 and section 1 of Act 125 of 1992

50. Section 1(1) of the Copyright Act, 1978, is hereby amended—

(a) by the substitution for the definition of “broadcast” of the following definition:

“‘broadcast’, when used as a noun, means a telecommunication service of transmissions consisting of sounds, images, signs or signals which—
(a) takes place by means of electromagnetic waves of frequencies of lower than 3 000 GHz transmitted in space without an artificial conductor; and

- die lisensiehouer, die lisensie op aansoek deur die patenthouer ten einde loop indien die omstandighede wat tot die verlening daarvan gelei het, ophou om te bestaan en volgens die oordeel van die kommissaris waarskynlik nie weer sal voorkom nie.”;
- 5 (e) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(5) **[Indien die enigste misbruik wat volgens die bevinding van die kommissaris bewys is, dié is wat in subartikel (2)(a) uiteengesit word, is]** ’n [lisensie] Lisensie [wat] verleen [word] kragtens hierdie artikel is nie uitsluitend nie [maar] en is [dit] nie oordraagbaar nie
- 10 behalwe aan iemand aan wie die besigheid of die deel van die besigheid in verband waarmee die regte kragtens die lisensie uitgeoefen is, oorgedra is.”;
- (f) deur subartikel (6) te skrap;
- (g) deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:
- 15 “(10) Behoudens **[die bepalinge van subartikel (11) en]** die voorwaardes wat aan die lisensie toegevoeg word, het ’n lisensiehouer kragtens hierdie artikel dieselfde regte en verpligtinge as enige ander lisensiehouer kragtens ’n patent.”; en
- (h) deur subartikels (11) en (12) te skrap.

20 **Wysiging van artikel 65 van Wet 57 van 1978, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 76 van 1988**

46. Artikel 65 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:
- 25 “(6) In plaas van skadevergoeding kan die eiser na keuse ’n bedrag toegeken word wat bereken is op die basis van ’n redelike tantième wat deur ’n lisensiehouer of sublisensiehouer ten opsigte van die betrokke patent betaalbaar sou gewees het.”.

Wysiging van artikel 91 van Wet 57 van 1978

47. Artikel 91 van die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur die woorde
- 30 wat op paragraaf (g) volg deur die volgende woorde te vervang:
- “in die algemeen, aangaande ’n aangeleentheid wat hy of sy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die nakoming, of uitvoering, van die Patentesamewerkingsverdrag of die doelstellings van hierdie Wet te bereik.”.

Vervanging van sekere uitdrukking in Wet 57 van 1978

- 35 48. Die Wet op Patente, 1978, word hierby gewysig deur die uitdrukking “Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente”, oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking “Suid-Afrikaanse Instituut vir Intellektuele Goederereg” te vervang.

Vervanging van lang titel van Wet 57 van 1978

49. Die lang titel van die Wet op Patente, 1978, word hierby deur die volgende lang
- 40 titel vervang:

“WET

Om voorsiening te maak vir die registrasie en verlening van patente vir uitvindings en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.”.

- 50 **Wysiging van artikel 1 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 56 van 1980, artikel 1 van Wet 66 van 1983, artikel 1 van Wet 52 van 1984, artikel 1 van Wet 13 van 1988 en artikel 1 van Wet 125 van 1992**

50. Artikel 1(1) van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby gewysig—

- (a) deur die omskrywing van “heruitsending” deur die volgende omskrywing te vervang:
- 50 “ ‘heruitsending’ die gelyktydige of latere uitsending deur ’n **[uitsaai-organisasie]** uitsender van die uitsending van ’n ander **[uitsaai-organisasie]** uitsender.”;

- (b) is intended for reception by the public or sections of the public, and includes the emitting of programme-carrying signals to a satellite, and, when used as a verb, shall be construed accordingly;”
- (b) by the substitution for the definition of “broadcaster” of the following definition: 5
 “ ‘broadcaster’ means a person who undertakes a broadcast;”;
- (c) by the substitution for the definition of “cinematograph film” of the following definition: 10
 “ ‘cinematograph film’ means [the] any fixation or storage by any means whatsoever on film or any other material of data, signals or a sequence of images capable, when used in conjunction with any other mechanical, electronic or other device, of being seen as a moving picture and of reproduction, and includes the sounds embodied in a sound-track associated with the film, but shall not include a computer program;”;
- (d) by the deletion of the definition of “Corporation”; 15
- (e) by the substitution for paragraph (g) of the definition of “literary work” of the following paragraph: 20
 “(g) tables and compilations, including tables and compilations of data stored or embodied in a computer or a medium used in conjunction with a computer;”;
- (f) by the substitution for the definition of “rebroadcasting” of the following definition: 25
 “ ‘rebroadcasting’ means the simultaneous or subsequent broadcasting by one [broadcasting organization] broadcaster of the broadcast of another [broadcasting organization] broadcaster;”;
- (g) by the substitution for the definition of “record” of the following definition: 30
 “ ‘record’ means any disc, tape, perforated role or other device in or on which sounds, or data or signals representing sounds, are embodied or represented so as to be capable of being automatically reproduced [therefrom] or performed therefrom;”;
- (h) by the substitution for the definition of “sound recording” of the following definition: 35
 “ ‘sound recording’ means any fixation or storage of sounds, or data or signals representing sounds, capable of being reproduced, but does not include a sound-track associated with a cinematograph film;”.

Amendment of section 2 of Act 98 of 1978, as amended by section 2 of Act 56 of 1980, section 2 of Act 52 of 1984 and section 2 of Act 125 of 1992

51. Section 2 of the Copyright Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- “(2) A work, except a broadcast or programme-carrying signal, shall not be eligible for copyright unless the work has been written down, recorded, represented in digital data or signals or otherwise reduced to a material form.”. 40

Amendment of section 3 of Act 98 of 1978, as amended by section 3 of Act 52 of 1984 and section 3 of Act 125 of 1992

52. Section 3(2) of the Copyright Act, 1978, is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph: 45

- “(b) cinematograph films, photographs and computer programs, fifty years from the end of the year in which the work—
 (i) is made available to the public with the consent of the owner of the copyright; or 50
 (ii) is first published,
 whichever term is the longer, or failing such an event within fifty years [from] of the making of the work, fifty years from the end of the year in which the work is made;”.

- (b) deur die omskrywing van "klankopname" deur die volgende omskrywing te vervang:
 " 'klankopname' enige vaslegging of berging van klanke, of data of seine wat klanke verteenwoordig, wat gereproduseer kan word, maar nie ook 'n klankbaan verbonde aan 'n rolprent nie;";
- (c) deur die omskrywing van "Korporasie" te skrap;
- (d) deur die omskrywing van "opname" deur die volgende omskrywing te vervang:
 " 'opname' 'n skyf, band, geperforeerde rol of ander [uitvindsel] toestel waarin of waarop klanke, of data of seine wat klanke verteenwoordig, op so 'n wyse vasgelê of verteenwoordig is dat dit outomaties daarvan voortgebring of opgevoer of uitgevoer kan word;";
- (e) deur paragraaf (g) van die omskrywing van "letterkundige werk" deur die volgende paragraaf te vervang:
 "(g) tabelle en samestellings, met inbegrip van tabelle en samestellings van data wat in 'n rekenaar of 'n medium wat tesame met 'n rekenaar gebruik word, geberg of vasgelê word;";
- (f) deur die omskrywing van "rolprent" deur die volgende omskrywing te vervang:
 " 'rolprent' [die] 'n vaslegging of berging op enige wyse hoegenaamd op film of enige ander stof van data, seine of 'n reeks beelde wat, as dit saam met 'n meganiese, elektroniese of ander toestel gebruik word, as 'n bewegende prent gesien kan word en gereproduseer kan word, en ook die klanke in 'n klankbaan aan die rolprent verbonde, maar nie ook 'n rekenaarprogram nie;";
- (g) deur die omskrywing van "uitsender" deur die volgende omskrywing te vervang:
 " 'uitsender' iemand wat 'n uitsending onderneem;"; en
- (h) deur die omskrywing van "uitsending" deur die volgende omskrywing te vervang:
 " 'uitsending' 'n telekommunikasiediens van oorsending wat uit klanke, beelde, tekens of seine bestaan en wat—
- (a) deur middel van elektromagnetiese golwe van laer as 3 000 GHz wat in die ruimte oorgesend word sonder 'n kunsmatige geleier; en
- (b) bedoel is vir ontvangs deur die publiek of gedeeltes van die publiek, en ook die uitsending van programdraende seine na 'n satelliet, en het 'uitsaai' 'n dienooreenkomstige betekenis;".

Wysiging van artikel 2 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 56 van 1980, artikel 2 van Wet 52 van 1984 en artikel 2 van Wet 125 van 1992

51. Artikel 2 van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
 "(2) 'n Werk, behalwe 'n uitsending of programdraende sein, kom nie vir outeursreg in aanmerking nie tensy die werk op skrif gestel is of opgeneem is of in digitale data of seine verteenwoordig is of andersins tot stoflike vorm herlei is."

Wysiging van artikel 3 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 52 van 1984 en artikel 3 van Wet 125 van 1992

52. Artikel 3(2) van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:
 "(b) rolprente, foto's en rekenaarprogramme, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die werk—
- (i) aan die publiek beskikbaar gestel word met die toestemming van die eienaar van die outeursreg; of
- (ii) vir die eerste keer gepubliseer word, welke termyn ook al die langste is, of by ontstentenis van so 'n gebeurtenis binne vyftig jaar vanaf die vervaardiging van die werk, vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin die werk vervaardig word;".

Substitution of section 11B of Act 98 of 1978, as inserted by section 10 of Act 125 of 1992

53. The following section is hereby substituted for section 11B of the Copyright Act, 1978:

“Nature of copyright in computer programs

5

11B. Copyright in a computer program vests the exclusive right to do or authorize the doing of any of the following acts in the Republic:

- (a) Reproducing the computer program in any manner or form;
- (b) publishing the computer program if it was hitherto unpublished;
- (c) performing the computer program in public;
- (d) broadcasting the computer program;
- (e) causing the computer program to be transmitted in a diffusion service, unless such service transmits a lawful broadcast, including the computer program, and is operated by the original broadcaster;
- (f) making an adaptation of the computer program;
- (g) doing, in relation to an adaptation of the computer program, any of the acts specified in relation to the computer program in paragraphs (a) to (e) inclusive;
- (h) letting, or offering or exposing for hire by way of trade, directly or indirectly, a copy of the computer program.”.

10

15

20

Amendment of section 12 of Act 98 of 1978, as amended by section 11 of Act 125 of 1992

54. Section 12 of the Copyright Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

“(5)(a) The copyright in a literary or musical work shall not be infringed by the reproduction of such work by [the Corporation] a broadcaster by means of its own facilities where such reproduction or any copy thereof is intended exclusively for lawful broadcasts of the [Corporation] broadcaster and is destroyed before the expiration of a period of six months immediately following the making of the reproduction, or such longer period as may be agreed to by the owner of the relevant part of the copyright in the work.

25

30

(b) Any reproduction of a work made under paragraph (a) may, if it is of an exceptional documentary nature, be preserved in the archives of the [Corporation] broadcaster, but shall, subject to the provisions of this Act, not be used for broadcasting or for any other purpose without the consent of the owner of the relevant part of the copyright in the work.”.

35

Amendment of section 24 of Act 98 of 1978, as amended by section 21 of Act 125 of 1992

55. Section 24 of the Copyright Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsections (1A), (1B) and (1C) of the following subsections, respectively:

40

“(1A) In lieu of damages the plaintiff may, at his or her option, be awarded an amount calculated on the basis of a reasonable royalty which would have been payable by a licensee in respect of the work or type of work concerned.

(1B) For the purposes of determining the amount of damages or a reasonable royalty to be awarded under this section or section 25(2), the court may direct an enquiry to be held and may prescribe such procedures for conducting such enquiry as the court considers necessary.

45

(1C) Before the owner of copyright institutes proceedings under this section, he or she shall give notice in writing to the exclusive licensee or sub-licensee of the copyright concerned of the intention to do so, and the exclusive licensee or sub-licensee may intervene in such proceedings and recover any damages he or she may have suffered as a result of the infringement concerned or a reasonable royalty to which he or she may be entitled.”.

50

Vervanging van artikel 11B van Wet 98 van 1978, soos ingevoeg deur artikel 10 van Wet 125 van 1992

53. Artikel 11B van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby deur die volgende artikel vervang:

5 **“Aard van outeursreg in rekenaarprogramme**

11B. Outeursreg in 'n rekenaarprogram verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende handelinge in die Republiek te verrig of die verrigting daarvan te magtig:

- 10 (a) Reproduksie van die rekenaarprogram op enige wyse of in enige vorm;
- (b) publikasie van die rekenaarprogram indien dit tot nog toe ongepubliseer was;
- (c) op- of uitvoering van die rekenaarprogram in die openbaar;
- 15 (d) uitsending van die rekenaarprogram;
- (e) die rekenaarprogram in 'n verspreidingsdiens te laat oorsend, tensy so 'n diens 'n wettige uitsending, met inbegrip van die rekenaarprogram, oorsend en deur die oorspronklike uitsender bedryf word;
- (f) vervaardiging van 'n aanwending van die rekenaarprogram;
- 20 (g) verrigting, met betrekking tot 'n aanwending van die rekenaarprogram, van enige van die handelinge in paragrafe (a) tot en met (e) met betrekking tot die rekenaarprogram vermeld;
- (h) verhuur, of aanbidding of uitstalling vir verhuur by wyse van handel, regstreeks of onregstreeks, van 'n kopie van die rekenaarprogram.”.

25 **Wysiging van artikel 12 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 125 van 1992**

54. Artikel 12 van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

30 “(5)(a) Die outeursreg in 'n letterkundige of musiekwerk word nie geskend deur die reproduksie van so 'n werk deur **[die Korporasie]** 'n uitsender deur middel van sy eie fasiliteite nie waar so 'n reproduksie of 'n kopie daarvan uitsluitlik bedoel is vir wettige uitsendings van die **[Korporasie]** uitsender en vernietig word voor die verstryking van 'n tydperk van ses maande onmiddellik na die vervaardiging van die reproduksie, of die langer tydperk waartoe die eienaar van die betrokke deel van die outeursreg in die werk instem.

35 (b) 'n Reproduksie van 'n werk ingevolge paragraaf (a) vervaardig, kan, indien dit van 'n besondere dokumentêre aard is, in die argief van die **[Korporasie]** uitsender bewaar word maar word, behoudens die bepalings van hierdie Wet, nie vir uitsending of enige ander doel gebruik sonder die toestemming van die eienaar van die betrokke deel van die outeursreg in die werk nie.”.

40 **Wysiging van artikel 24 van Wet 98 van 1978, soos gewysig deur artikel 21 van Wet 125 van 1992**

55. Artikel 24 van die Wet op Outeursreg, 1978, word hierby gewysig deur subartikels (1A), (1B) en (1C) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

45 “(1A) In plaas van skadevergoeding kan die eiser na keuse 'n bedrag toegeken word wat bereken is op die basis van 'n redelike tantième wat deur 'n lisensiehouer ten opsigte van die betrokke werk of tipe werk betaalbaar sou gewees het.

50 (1B) Vir die doel van die bepaling van die bedrag van skadevergoeding of 'n redelike tantième wat kragtens hierdie artikel of artikel 25(2) toegeken moet word, kan die hof gelas dat 'n ondersoek gehou word en die prosedures vir die hou van sodanige ondersoek voorskryf wat die hof nodig ag.

55 (1C) Voordat die eienaar van outeursreg verrigtinge kragtens hierdie artikel instel, moet hy of sy skriftelik kennis gee aan die uitsluitlike lisensiehouer of sublisensiehouer van die betrokke outeursreg van sy of haar voorneme om dit te doen, en die uitsluitlike lisensiehouer of sublisensiehouer kan tussenbeide tree in sodanige verrigtinge en skade wat hy of sy as gevolg van die betrokke inbreuk gely het of 'n redelike tantième waarop hy of sy geregtig is, verhaal.”.

Amendment of section 25 of Act 98 of 1978, as amended by section 21 of Act 125 of 1992

56. Section 25 of the Copyright Act, 1978, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Before an exclusive licensee or sub-licensee institutes proceedings under subsection (1), he or she shall give notice in writing to the owner of the copyright concerned of the intention to do so, and the owner may intervene in such proceedings and recover any damages he or she may have suffered as a result of the infringement concerned or a reasonable royalty to which he or she may be entitled.”.

Substitution of section 34 of Act 98 of 1978

57. The following section is hereby substituted for section 34 of the Copyright Act, 1978:

“Diffusion service

34. In a dispute concerning the transmission of broadcasts in a diffusion service in the Republic, the tribunal shall disallow any claim under this Act to the extent to which the licences of the broadcaster concerned provide for or include such transmission in a diffusion service.”.

Substitution of certain word in Act 98 of 1978

58. Sections 6(e), 7(d), 8(1)(d) and 10(c) of the Copyright Act, 1978, are hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the word “voortgesit”, wherever it occurs, of the word “bedryf”.

Amendment of section 10 of Act 194 of 1993

59. Section 10 of the Trade Marks Act, 1993, is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (5) of the following paragraph:

“(5) a mark which consists exclusively of the shape, configuration, [or] colour or pattern of goods where such shape, configuration, [or] colour or pattern is necessary to obtain a specific technical result, or results from the nature of the goods themselves;”;

(b) by the substitution for paragraph (6) of the following paragraph:

